

J. G. Winkler.

. . . Die . . .
Potchefstroomse
Uniwersiteitskollege.




HOEKSTEENLEGGING

VAN DIE
HOOFGEBOU.


4 AUGUSTUS, 1930.

—
"Die Weste"-Drukkery,
Potchefstroom.—7843

Lede van P.U.K.-Raad (1930) met Administratieve Staf.



Sittende (van links na regs): Ds. H. J. R. du Plessis, Ds. N. H. van der Walt (Vise-Voors.), Mej. B. Coetzee, Ds. W. J. de Klerk (Voors.),
 Mej. B. J. van Ryssen, Prof. Dr. F. Postma (Rektor), Mnr. P. Stoker.
Staande: Prof. J. C. van Rooy (Registrateur), Mnr. L. D. C. Bosman, Ds. J. V. Coetzee, Ds. J. D. Kruger, Mnr. A. J. Alberts, Mnr. J. P. Nel,
 Mnr. S. du Toit (Assist.-Reg.), Ds. D. N. Kotze,
Ingevoeg: Ds. D. Rumpff.



WYLE PROF. D. POSTMA.

J. G. Wiechers.

VOORWOORD.

L.S.—

Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege het gedurende die dae van 2 tot 4 Augustus feesgevier.

Met die hoeksteenlegging van die hoofgebou van die P.U.K. is weer 'n mylpaal in die geskiedenis van die inrigting onder Gods seën bereik.

Die ontstaan en bestaan van die P.U.K. getuig van die krag van beginsels. Die oprigters het uit en vir beginsels geleef, beginsels wat wortel in die ou Protestantse geloof.

Hulle beginsel-arbeid en -lewe was nie tevergeefs nie!

Op 4 Augustus het Dr. D. F. Malan, die waarnemende Eerste Minister van die Unie en die Minister van Onderwys, met nadruk die goeie reg van bestaan van die P.U.K. beklemtoon.

Ons nederige dank vir die hoogamptelike erkenning, wat nog in die toekoms baie groot waarde sal hê en wêrd is om onthou te word.

Raadslede, Senaatslede en studente van die P.U.K. het die groot belangstelling van Ministers, Senatore, Volksraadslede, predikante, onderwysers, studente, afgevaardigdes van P.U.K.-komitees uit alle dele van die Unie (b.v. uit Swasiland, Postmasburg, Burgersdorp), en van die algemene publiek in Potchefstroom en distrik baie hoog gewaardeer.

Hartlike dank vir die belangstelling.

Bo alles pas ons hier die woorde van die digter:

„Niet ons, o Heer, niet ons; Uw Naam alleen
Zij, om Uw trouw en goedertierenheên,
All' eer en roem gegeven.”—(Ps. 115:1).

En nou verder!

Wie noukeurig en met aandag die verslag lees van wat hier aangebied word, sal verstaan wat sy plig is teenoor hierdie inrigting.

Sy devies met die goue arme en vlammente liggies roep
om drakrag en lewe—geen stilstand nie—altyd beweging en
lewe—vas en rein!

Sy spreuk — *In U Lig* — daardie steun en lewe deur die
ewigheidslig bestraal!

Daarom, ons sal ons opmaak en bou en voortbou, vir die
volk van Suidafrika, tot eer van Sy Naam.

Dit is ons wens en bede.

F. POSTMA.

Potchefstroom,
8 Augustus, 1930.


KONGRES

VAN

P.U.K.-KOMITEES,

GEHOU

SATERDAG, 2 AUG., 1930.



WYLE PROF. J. LION-CACHET.

KONGRES VAN P.U.K.-KOMITEES,

— Gehou —

SATERDAG, 2 AUGUSTUS, 1930.

OPENING EN KONSTITUERING.

Die feesviering in verband met die hoeksteenlegging van die hoofgebou van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege het 'n geskikte geleentheid gebied om 'n kongres bymekaar te roep van verteenwoordigers van die Komitees wat gedurende die afgelope agtien maande op verskillende plekke in die Unie gestig is met die doel om die belange van die P.U.K. te behartig.

Op Saterdagmore, 2 Augustus, om 10 uur was daar in die saal van die Teol. skool dan ook verteenwoordigers bymekaar van ongeveer 30 komitees, tesame met 'n aansienlike aantal ander belanghebbende persone.

Op versoek van Prof. Dr. F. Postma, Rektor van die P.U.K. (wat in opdrag van die Raad van hierdie inrigting as organiseerder vir die Komitees opgetree het), open Prof. Dr. J. D. du Toit die vergadering met 'n gedeelte te lees uit Ps. 89 en 'n kragtige gebed te doen.

Na enkele woorde van verwelkoming deur Prof. Postma word die lys van afgevaardigdes opgemaak en Prof. Postma as voorsitter, en Prof. J. C. van Rooy as sekretaris gekies.

TOESPRAKE.

Volgens die agenda was daar eers enkele toesprake aan die orde. Die eerste was 'n toespraak van

PROF. DR. F. POSTMA

wat die woord neem en die vergadering as volg toespreek:

Dames en here,—Ek heet u hartlik welkom as afgevaardigdes na die eerste kongres van die P.U.K.-Komitees. U

teenwoordigheid alhier is 'n bewys dat u waaragtig belangstel in die inrigting alhier. Wel het ek gehoop dat daar meer aanwesig sou wees, maar as die gedrukte toestand in die land in aanmerking geneem word, is daar geen rede om oor die opkoms te kla nie.

Hoe die Komitees ontstaan het is u nie onbekend nie.

Die rapport van die Uniwersiteitskommissie wat in Julie 1928 verskyn het, was, wat die P.U.K. betref, van so 'n ongunstige aard, dat daar gevaar gedreig het dat die inrigting miskien gesluit sou word.

Die Raad en Senaat het die gevaar besef. Ek mag sê dat dit inderdaad 'n tyd van nood en gebed was, veral ook omdat in die rapport gesê is dat maar net sowat 2.6 persent van die bevolking van die Unie as ondersteuners van die P.U.K. kan gereken word. Die konklusie was nogal deursigtig: dis nie die moeite wêrd vir die Regering van die land om so 'n inrigting verder te ondersteun en in stand te hou nie.

Dadelik is toe op besluit van die Raad met die organisasie 'n aanvang gemaak. Onbekendheid het ook onbeminde bevorder. Die organisasie het die P.U.K. meer onder die aandag van die bevolking gebring, en die Raad het nie beskaamd uitgekom nie. Aan die oproep om steun vir 'n stryd vir beginsels is oral in die land gehoor gegee.

Die vrug van die arbeid is o.a. ook hierdie eerste kongres, en ek wil hoop dat in die toekoms meer sulke kongresse sal gehou word.

By 'n geleentheid soos hierdie, is dit nodig dat ons weer duidelik besef

wat die doel van die P.U.K.-Komitees is.

Die doel is *drieërlei*.

In die eerste plek streef ons na die bekendmakning en bevordering van ons kristelike beginsels op die gebied sowel van opvoeding en onderwys as van die beoefening van die wetenskap.

Is daar enige noodsaaklikheid hiervoor? Wie geen vreemdeling in Jerusalem is nie, sal op die vraag moet antwoord met 'n besliste ja.

a) *Gods Woord is vandag in gedrang op baie van ons skole en Uniwersiteite. Met dankbaarheid mag erken word dat daar deur Gods genade nog tal van onderwysers(esse),*

professore en lektore is wat vir die gesag van Gods Woord buig en graag deur die lig van Gods Woord gelei wil wees in die volbrenging van die moeilike en verantwoordelike taak van opvoeding en onderwys. Teenoor sulke manne en vroue staan daar ongelukkig ook 'n groot aantal van wie dit nie met vrymoedigheid kan gesê word nie. Hierom is dit nodig om op te tree en te getuig.

b) Verder is dit baie duidelik, altans in die Transvaalse provinsie dat *ouerregte* en *ouerpligte* al meer en meer op onderwysgebied uitgeskakel word. Seer seker, daar is skoolkommissies wat deur die ouers van skoolgaande kinders gekies word; maar hulle beteken soveel as die spreekwoordelike vyfde wiel aan die wa. Mag so 'n toestand voortduur? So ja, wat dan van die belofte by die doop van die kinders afgeleë? Het ouers dan geen reg en plig om toe te sien wie hulle kinders opvoed en wat aan hulle kinders geleer word nie? Daar



AFGEVAARDIGDES: KONGRES P.U.K.-KOMITEES.

is belemmerende bepalinge en met name die sg. gewetenskloosule. Geen ouer word van sy dure belofte ontslaan nie, ook nie wanneer sy kind reeds student aan een of ander Uniwersteit is nie.

c) Hierby kom nog die verbreiding van die *ewolusieleer*. Hierdie leer in sy mees konsekwente vorm is 'n ontkenning van God as Skepper. 'n ontkenning van sonde en miskien ook

van die verlossingsleer. Die gevare van so 'n leer behoef ek nie uiteen te sit nie.

d) In aansluiting by die laaste punt word ook geleer dat die wetenskap *neutraal* is, d.w.s. wetenskap het met godsdiens niks te maak nie en daarom kom dit daar nie op aan nie wat ons kinders en jongmense geleer word nie. Ek wil u aandag vra vir 'n paar aanhalinge uit 'n rede van Prof. Dr. F. E. Daubanton, getiteld „*Wetenschap en Zonde*,” uitgespreek by die aanvaarding van die hoogleeraarsamp vanweë die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Ryksuniversiteit in Utrecht (1908). Ek haal met opset uit hierdie rede aan om u te laat verstaan dat die standpunt wat ons inneem nie net die standpunt van Gereformeerde mense is nie.

Om die verwoestende werking van sonde aan te toon, sê hy: „Zoowel in het voorwerp als in het onderwerp der wetenschap stuiten wij gedurig op het abnormale, d.i. op de zonde en hare gevolgen. Reeds het feit dat wij spreken van „normaal” en „abnormaal” moet een ieder die doordenkt... tot de overtuiging leiden dat onnoemlijk veel in de wereld is, zooals het niet moest zijn, en dat dus de kosmos niet is wat hij wezen moest, maar wél eene ontluisterde schepping” (p. 21). Iets van die abnormale toon hy aan deur te sê: „De natuurvorsching leert ons van geweldige omkeringen.....die veel organisch bestaan vernietigden onder het angstig beroerd worden van den aardkorst.” Ek dink in hierdie verband aan die ontsettende ramp wat nou weer Italië getref het. „De geologen leeren ons—en wij laten ons gaarne door hen onderwijzen—van natuurlijke aanleidingen en oorzaken, die zulke beroeringen middellijkerwijze verklaren, maar moeten wij bij bij de tweede oorzaken blijven staan?... Wij vragen dus: indien de kosmos een organiesch geheel vormt, geheel waar toe ook de menschheid behoort, waarom zijn er dan rampen in dat organisme, die ons bewijzen dat het sustema (die groot organiese geheel) waarvan de deelen elkaër moeten steunen tot het bestaan van het geheel, een koninkrijk is tegen zich zelf verdeeld?... Wie theïst is, laat zich het recht niet ontnemen om dieper op de vraag in te gaan of hij de grondoorzaak van de rampen vinden mocht en inderdaad verklaren „de scheur die door de schepping gaat,” zooals de Oudhoogleeraar J. H. Gunning het ergens tekenachtig uitdrukt. Wie zoo doet, bevindt zich in goed gezelschap. Het „Boek der Boeken”

doet zoo—niet omdat het eene handleiding is voor natuurstudie—maar omdat het, oorkonde der Gods-Openbaring, ernst maakt met de eenheid der schepping, die eene verwezenlijkte Godsgedachte is, maar eene Godsgedachte verstoord. Het diluvium (sondvloed), de verwoesting van de gevloekte steden worden in de H.S. uit natuurlike invloeden verklaard. De H.S. leert nergens magie. Maar de natuurlike werkingen worden in verband gezet met ethiesch-abnormale verskijnselen” (pp. 22, 23).

Die hoogleraar toon dan verder hoe die werking van die sonde op wetenskaplik gebied gevoel word. Die *taalman* voel dit as hy met die verdorwe en korrupte tekste moet werk, die *geskiedenisman* wat dikwels *eeue van onreg* moet skryf, die *wijsgeer* as hy kom te staan voor die vraagstuk van die kwaad; die *mediese wetenskap* is 'n geweldige worsteling teen die gevolge van die sonde en trag die dood te bestry, maar moet slag op slag die wapens teenoor die koning van verskrikking neerlê; nie minder is die *regswetenskap* daar omdat deur die sonde alle gesag ontken en misken word. Hierdie groot verstorende faktor, sonde, dogter van die duisternis, in die ganse menslike geskiedenis word dan verder in sy skriklikheid helder belig wanneer beskou deur die *Teologiese wetenskap*” (pp. 23—29).

Kan ons dan sê dat die wetenskap neutraal is? Die sonde laat dit nie toe nie. „Oók onze wetenskap,” sê Daubanton, „behoort tot een, door zonde verstoord, sustema. Onze logos doolt en dwaalt. Gij moet spreken van een banque-route (bankrotskap).

Heel de schepping zucht... De kosmos, zooals de wetenschap hem bezien wil, hem ziet, is een palimpsest (d.w.s. 'n geskrif waaroor weer 'n tweede geskrif geskryf is). Op het maagdelijk perkament schreef, in den beginne, de goddelijke logograaph (skrywer) heerlijke logoi (woorde, gedagtes). Daimon Diabolos (duiwel) kwam. Het oorspronkelijk geschrift trachtte hij gansch en al uit te wisschen. Hij slaagde daar niet in. Maar hij teekende met gevloekte hand onlogiesche en onheilige dingen over het oorspronkelijk manuscriptum heen. De in de schepping belichaamde logos werd als een Prometheus geklonken aan de rots. Bevrijding is er in den kosmos niet en dus ook niet in de kosmische wetenschap. Maar Gods genaderaad, eeuwige gedachte van Zijn

Liefde-wezen, gaf het epos des Evangelies: Het Woord is vleesch geworden" (pp. 29, 30).

Die stelling dus dat wetenskap neutraal is, kan nie verdedig of gehandhaaf word nie.

Wanneer sulke stellinge tog aangedien word, is dit ons plig om daarteenoor die beginsels van ons kristelike belydenis te stel.

In hierdie opsig kan die komitees 'n groot en nuttige werk in ons land doen deur verspreiding en bespreking van boeke en brosjures wat sulke kwessies behandel. Ek dink o.a. aan die publikasie van die Christelike Unie b.v. *Heilige Skrif en Natuurwetenskap; Kristendom en Wetenskap* (Stoker); *Vraagstukke van Opvoedkundige Politiek* (Coetzee).

Nog op 'n ander manier kan in hierdie rigting gewerk word deur b.v. lesings plaaslik, waar een of ander komitee is, te organiseer en sprekers uit te nooi, ook van die P.U.K.

'n *Tweede* doel van die komitees moet wees *verskaffing van voorligting aan aspirant-studente in eie omgewing*.

'n Inrigting kan nie sonder studente bestaan nie. Elke P.U.K.-komitee behoort hom daarop toe te lê om jongmense in sy omgewing op die hoogte te bring van die doel en strewe van die Uniwersiteitskollege op Potchefstroom. Ook vir hierdie doel is die organisasie in die lewe geroep en vanuit die kantoor trag ons om die komitees alle moontlike informasie te gee, sodat daar oral kennis sal wees van wat aan ons inrigting gedoen word. Niemand kan ons dit kwalik neem nie as daarna gestreef word dat die P.U.K. ook meer bekendheid in die Unie sal kry nie.

In die *derde plek* word verwag dat die komitees die P.U.K. sal handhaaf en bevorder.

Op die woord „handhaaf” lê ek nadruk. Daar is voortdurend sprake dat daar teveel inrigtings vir Hoër Onderwys in die Unie is. Op hierdie vraagstuk wil ek nou nie ingaan nie. Net dit: wie so spreek, hou nie rekening met die geskiedkundige wording van al die inrigtings nie, en alleen om hierdie rede is sulke praatjies (ek kan dit nouliks anders noem) taamlik oppervlakkig. Maar dit nou daargelate. Die jongste ontwikkeling van die inrigtings is dat hulle van Uniwersiteitskolleges tot Uniwersiteite uitgroei. So is die kollege van Johannesburg geword „Die Uniwersiteit van Witwatersrand,” die van Pretoria sal in Oktober word die „Uniwersiteit

van Pretoria." Vroeër of later sal ook Grahamstad, Bloemfontein, Pietermaritzburg, uit die verband tree van die Universiteit van Suid-Afrika. Net die twee kleiner inrigtings, die van Wellington en Potchefstroom, sal dan oorbly. Dit spreek vanself dat die geroep dan baie sterk sal word om die twee maar te sluit of by een of ander van die groter Universiteite in te lyf. Trouens dit is ook al in die laaste Volksraadsitting van hierdie jaar gesê.

Die tyd kom seker en gewis. En daarom, dames en here, sal ons leuse van nou af aan nog meer as ooit te vore moet wees: *handhaaf*.

Om dit te kan doen moet ons die inrigting bevorder. Op die oomblik, soos u natuurlik weet, is ons besig met die oprigting van geboue.

Die Unie-Regering verskaf aan Universiteite geen geboue nie, maar gee wel aan die Raadsliggame leninge. Natuurlik die Regering kan ook weer geen leninge verskaf nie, tensy hy oortuig is dat so'n inrigting genoegsaam gesteun en finansiëel gehelp word. Ons vooruitgang hier hang dus van u ondersteuning af.

Met dankbaarheid mag ek hier getuig dat die beroep op ons ondersteuners gedoen nie tevergeefs was nie.

Prof. van Rooy sal in hierdie verband later meer besonderhede gee.

As ons beginsels goed is, dames en here, dan behoort daar ook deeglike en goeie geboue te wees. In hout- en sinkgeboue kan ons nie jaar in en jaar uit sukkel nie. Dit is onpedagogies en vernederend. Tereg of ten onregte beoordeel 'n vreemdeling so'n inrigting met sy werk en met sy ondersteuners na die uiterlike vertoon. En werklik, dames en here, die P.U.K. wat sy kleeft betref, maak 'n uiters treurige indruk. Hierom kon die Raad nie langer uitstel nie en het die Regering vir 'n lening genader, wat gegee is.

Ons dank die Regering vir sy welwillendheid, maar dit is nou ons plig om te toon dat die vertroue van die Regering in die P.U.K. se ondersteuners nie misplaas was nie.

Dis 'n swaar en moeilike taak, maar ook 'n heerlike taak om vir ons goeie beginsels deeglike huisvesting te soek. So sal gehandhaaf en gebou word, en uiteindelik—mag God dit gee—moet die P.U.K. uitgroeï tot

'n Kristelike Uniwersiteit,

wat sy plek selfstandig naas ander Uniwersiteite in ons land sal inneem.

Dis die einddoel ook van u werksaamheid as P.U.K.-Komitees.

* * *

Die woord word nou gegee aan

PROF. J. C. VAN ROOY,

wat hom bepaal by 'n verslag aangaande die organisasie en werksaamhede van die P.U.K.-Komitees. Hy spreek die vergadering as volg toe:

Geagte Voorsitter en Vergadering!—Die organisasie van die P.U.K.-Komitees, waarvan hier tans verteenwoordigers in konferensie bymekaar is, het sy ontstaan te danke aan die Rapport van die deur die Regering in 1927 benoemde Uniwersteitskommissie.

In hierdie rapport wat in Julie 1928 verskyn het, is daar met sterk afkeuring gewag gemaak van die ondoelmatigheid en gebrekkigheid van die geboue waarin die P.U.K. gehuisves is, asook van die ontoereikende uitrusting van die laboratoria en die biblioteek. Die rapport het selfs die onheilspellende aanbeveling ingehou dat, as daar in die gebrekkige toestand geen verbetering aangebring word nie, die Regering dit in ernstige oorweging dien te neem of aan so 'n inrigting verdere finansiële steun verskaf moes word.

Die Raad van die P.U.K. het besef dat die bestaan van die enigste inrigting vir Kristelike Hoër Onderwys bedreig word en het onmiddellik besluit om alles in sy vermoë te doen om die dreigende gevaar af te wend. Vandaar dat hy in sy vergadering van 25 Julie 1928 besluit het om die Rektor, Prof. Dr. F. Postma, te versoek om 'n propaganda-kampanje aan die gang te sit in belang van die Kollege. Die Rektor het goedwilliglik hom die versoek van die Raad laat welgeval; hy het alle plekke in die Transvaal, O.V.S., en K.P., waar daar belangstelling vir die P.U.K. in meerdere of mindere mate heers, besoek en het daar komitees in die lewe geroep wat vir die belange van die inrigting kon waak en wat propaganda vir die inrigting kon maak. Hoewel hierdie Komitees nie gestig is uitsluitend om vir die stoflike belange van die P.U.K. sorg te dra nie, moes weëns die dreigende gevaar aan hierdie

kant van die saak tog die eerste aandag gewy word. Immers, dit was onverbiddelik noodsaaklik dat doelmatige geboue so gou moontlik moes opgerig word. Volgens berekening sou die Raad vir hierdie doeleindes 'n bedrag van £60,000 tot £65,000 nodig hê. Op aandrang van die Raad het die edele Minister van Onderwys 'n lening van hierdie bedrag in beginsel goedgekeur en aan die Raad toegesê.

Die toeseegging van hierdie lening, wat in die loop van tyd moet terugbetaal word, het die Raad in 'n mees verantwoordelike posisie geplaas. Die sukses egter wat die Rektor met die organisasie van die P.U.K.-Komitees behaal het, en veral die feit dat die Komitees bykans sonder uitsondering onderneem het om elkeen 'n jaarlikse bydrae te belooft aan die Boufonds, het die Raad die vertroue gegee om die verantwoordelikheid aan die Lening verbonde op hom te neem. Hier dien dan ook gemeld te word dat op aanbeveling van die HoogEd. Regering die Parlement reeds aan lenings die bedrag van £40,000 goedgekeur het, en dat die Parlement in sy volgende sitting hoogs waarskynlik die laaste addisionele lening van £25,000 sal bekragtig. In volle vertroue op God het die Raad dus besluit om die saak van Kristelike Hoër Onderwys, soos beliggaam in die P.U.K., voortgang te laat hê, niesteenstaande die onkoste daaraan verbonde.

Laat ons egter kom tot die eintlike saak, wat op die oomblik vir ons van belang is, nl. die teenwoordige staat van ontwikkeling wat die organisasie van die P.U.K.-Komitees bereik het en die werk wat reeds deur hulle gedaan is.

Die aantal P.U.K.-Komitees is tans 77.

Die totale bedrag wat per jaar belooft is deur hierdie Komitees is £2,753:0:0.

Die bedrag wat ontvang is gedurende die eerste jaar is: £1,533:10:0.

Vir die tweede jaar is reeds ontvang: £570:0:0.

Dus 'n totaal van: £2,103:10:0.

(Hier dien daarop gewys te word dat uit die feit dat aan jaarlikse bydraes belooft is £2,753:0:0 en dat gedurende die eerste jaar slegs £1,533:10:0 ontvang is, daar tog nie die volle som van £1,219:10:0 agterstallig is nie. 'n Aantal van die 77 Komitees is eers laat in laaste jaar gestig; hulle eerste jaargang het dus nog nie sy end bereik nie.)

Afgesien van hierdie beloofde jaarlikse bydrae is daar deur individuele persone aan donasies beloof die som van: £3,353:7:6. Hiervan is ontvang £2315:6:8. Uitstaande dus: £1038:0:10.

Die groot totaal dus vir die Boufonds tot dusver ontvang is:

Van P.U.K.-Komitees	£2,103 10 0
Aan Donasies	£2,315 6 8
Totaal	£4,418 16 8

Wat betref die organisasie in die algemeen, die samestelling en arbeid van die Komitees, wens ons hier enkele opmerkinge te laat volg:

1. Met waardering en dankbaarheid moet hier melding gemaak word van die belangstelling en geesdrif wat daar onder ons volk heers vir die saak van Kristelike Hoër Onderwys. Ja, laat ons dit eerlik erken, dat hierdie belangstelling en geesdrif in baie opsigte ons verwagtinge oortref het. Wat hoogs verblydend is, is die feit dat, nieteenstaande dit uit die ontwikkelingsgeskiedenis van die P.U.K. noodwendig voortvloei dat die inrigting sy grootste ondersteuning vind uit die kringe van die Geref. Kerk, daar tog 'n groot mate van belangstelling en steun ondervind word ook uit die kringe van die ander Hollandse Kerke. Hoewel dit nie orals dieselfde is nie, bestaan daar ten opsigte van hierdie saak op 'n groot aantal plekke tog die hartlikste samewerking.

2. Dit egter is die een kant van die saak: Daar is stof tot dankbaarheid.

Ongelukkig is daar ook 'n ander kant—die skadu-sy.

Daar is komitees gestig op nie weinige plekke met groot entoesiasme—plekke in verband waarmee die hoogste verwagtinge gekoester was!—maar hierdie komitees was doodgebore kinders, of hulle het 'n ontydige dood gesterf. Bitter teleurstellend! Dit moes anders, beter, gewees het. Ons swyg egter hieroor. Alleen die wens: mag hulle 'n weeropstanding ondergaan en oprys uit hulle as!

3. 'n Slotopmerking: Die Raad van die P.U.K. het in die volle cortuiging dat hy sy plig gedoen het, geen onkoste ont-sien, en die Rektor, by name, het homself onbegryplike moeite getroos om die Komitees in die lewe te roep, waarvan hier vandag 'n aantal verteenwoordigers bymekaar is. Sal hierdie onkoste van die Raad en die moeite van die Rektor ydel wees?

Ydel in die sin dat dit geen resultaat oplewer nie? Dit kan nie wees nie; dit is gelukkig ook nie die geval nie—dit tog het reeds geblyk uit hierdie rapport. Wat egter bereik is, mag nie ongedaan gemaak word nie; dit moet in stand gehou word en bevorder word. En soos reeds gesê, die saak van die Komitees moet nie beperk word uitsluitlik tot datgene wat op die oomblik mees aktueel is nie, nl. die bevordering van die stoflike belange nie—nee, die inrigting waarvoor ons stry, het ook behoefte aan sedelike steun. Daar moet propaganda gemaak word vir daardie wêreld- en lewensbeskouing wat vir ons heilig is, en waarvan die P.U.K. die beliggaming is op wetenskaplik gebied.

Wat die P.U.K.-Komitees gaan doen om beide die stoflike en die prinsipiële belange van ons inrigting te gaan bevorder, en *hoe* die Komitees dit gaan doen—ons is vandag hier bymekaar om daaroor te beraadslaag en daaromtrent besluite te neem.

* * *

Die volgende aan die beurt was 'n toespraak van

Ds. I. D. KRUGER,

Voorsitter van die Raad van die P.U.K., wat van die geleentheid gebruik maak om 'n uiteensetting te gee van die bouplanne van die Raad.

Hy wys met nadruk op die noodsaaklikheid van die oprigting van deeglike geboue. Die P.U.K. was tot dusver gehuisves in 'n aantal sinkgeboue, ou militêre leërhutte. Die Uniwersiteitskommissie, wat die Regering in 1927 benoem het, het die geboue ten sterkste afgekeur en veroordeel. In die algemeen was hierdie geboue ongeskik vir onderwysdoelendes, maar insonderheid as laboratoria vir die eksperimentele werk wat in verband met die beoefening van die natuurwetenskaplike vakke moet verrig word. Die Raad het voor die keuse gestaan om óf die P.U.K. as inrigting op te hef óf om behoorlike, doelmatige geboue te laat oprig.

Spreeker gee nou met verwysing na die planne wat voor die vergadering opgestel was, 'n uiteensetting van die bouplanne van die Raad en doen tegelyk mededeling in verband met elke gebou.

Die hoofgebou, wat tans opgetrek word, sal saam met die uitrustings 'n bedrag beloop van £18948. Die gebou sal bevat

'n Saal, wat ruimte kan bied vir sowat 400 mense, 'n Senaatskamer, Biblioteek en Leeskamer, Administratiewe kamers, Wagkamers vir dames- en here-studente, en dertien klaskamers.

Dan sal daar twee laboratorium-geboue opgerig word, een vir Dierkunde en Plantkunde, en een vir Natuurkunde, Skeikunde en Sielkunde. Die twee geboue sal tesame £18,000 kos, terwyl die uitrusting daarvan omtrent £7000 sal beloop. 'n Totale bedrag van £25,000.

In die laaste instansie is daar die twee nuwe losieshuise, met die oprigting waarvan ook reeds 'n begin gemaak is.

Daar word een huis gebou vir die huisouers, waarin tege-lyk die damesstudente gehuisves sal word. Dan 'n ander huis vir herestudente. Hierdie twee geboue sal tesame omtrent £10,000 kos.

As hierdie geboue gereed is, dan sal daar saam met die bestaande losieshuis huisvesting kan gebied word vir sowat 75 herestudente en omtrent 12 damesstudente.

Nadat ds. Kruger die uiteensetting van die Raad se bouplanne gegee het, het hy ten sterkste die feit beklemtoon dat 'n inrigting vir hoër onderwys soos die P.U.K. 'n organiese eenheid vorm. As een lid van so 'n organisme ly, ly al die lede. Vandaar dat die Raad nie kan volstaan alleen met die oprigting van die hoofgebou nie; dit is beslis noodsaaklik dat die twee laboratorium-geboue ook moet opgerig word. Daarmee sal die P.U.K. as inrigting dan 'n voltooide en afgeronde eenheid vorm.

Ds. Krüger sluit sy toespraak af met 'n kragtige opwekkings- en aanmoedigingswoord aan die vergadering. Die saak moet onderneem word in die naam van die Here, wat tot hier-toe ons Leidsman gewees het.

* * *

ORGANISASIE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEES.

Na afloop van die toesprake het die vergadering daartoe oorgegaan om enkele punte te bespreek betreffende die organisasie van die Komitees en die werksaamhede wat hulle moet verrig.

Allereers is *die wenslikheid bespreek van die instelling van 'n Hoofbestuur* vir die organisasie van die P.U.K.-Komitees. Hieroor is heelwat geredeneer, maar die vergadering het eindelik as sy bevinding vasgestel dat die tans bestaande reëling vireers bestendig moet word. Dit kom nl. hierop neer dat die administrasie behartig sal word deur die kantoorpersoneel van die P.U.K. onder toesig van die Raad.

Wel is in hierdie verband besluit om elke twee jaar 'n kongres van die Komitees in Potchefstroom te hou.

Vervolgens het *die saak van die bevordering van Kristelike Hoër Onderwys* die aandag van die vergadering geniet.

Na bespreking het die vergadering as sy mening vasgestel:

(a) dat die Redaksie van „*Die Kerkblad*” versoek moet word om in elke uitgawe een of twee kolomme beskikbaar te stel vir artikels oor kristelike hoër onderwys;

(b) dat Raadslede en Staflede versoek moet word om op uitnodiging van die komitees lesings te gaan hou;

(c) dat die Komitees hulle moet toelê op die werwing van studente vir die P.U.K.

Ten slotte is in behandeling geneem die belangrike saak van

die Insameling van Fondse

vir die oprigting van die geboue en die uitrusting daarvan.

Hierdie saak het 'n breedvoerige bespreking uitgelok. Sommige was van mening dat daar getrag moet word om 1000 persone te vind, wat bereidwillig sou wees om elkeen £5:0:0 per jaar tot die boufonds by te dra. Ander het gemeen dat daar gewerk moet word volgens wat deur die vergadering genoem is die kamerstelsel. Hierdie stelsel kom hierop neer: die onkoste vir elke vertrek wat die hoofgebou bevat (d.w.s. saal, biblioteek, studiesaal, administratiewe kamers, klaskamers) word bereken. Individuele persone, P.U.K.-komitees, en ander organisasies, wat belangstel in die inrigting word gevra om of individueel of in samewerking met mekaar die verantwoordelikheid vir die onkoste van een of meer vertrekke op hom (hulle) te neem. Sodra die fondse bymekaar is vir die vertrek, waarvan 'n persoon of komitee die verantwoordelikheid op hom geneem het, word in die betrokke vertrek 'n koperplaat aangebring waarop die mededeling

ingegraveer word dat die vertrek met sy uitrusting aan die Raad gegee is deur die bepaalde persoon of komitee.

Oor die laaste skema is besonder entoesiasties gespreek. Veral Prof. Dr. du Toit het op kernagtige wyse daarop gewys dat as daar volgens hierdie skema kan gewerk word en die gebou is binne enkele jare afbetaal, die hoofgebou tot in die verre toekoms daar sal staan as 'n monument wat aan ons Regering en aan die wêreld sal bewys wat gedoen kan word deur die ondersteuners van die P.U.K., wat deur die Uniwersiteitskommissie destyds aangedui is as slegs 2.6 persent van die Afrikaanse volk.

Uiteindelik is deur die vergadering besluit om by die P.U.K.-Komitees ten sterkste die kamerstelsel aan te beveel.

Hierdie aanbeveling moet egter nie in die sin geneem word asof dit die £5 stelsel sou uitsluit nie. Inteendeel, as een Komitee (of enkele komitees gesamentlik) sy weg daartoe oop sien om die onkoste van 'n bepaalde vertrek op hom te neem en hy kan die benodigde bedrag nie ineens bymekaar kry nie, dan sal dit sy onderneming baie vergemaklik as hy 'n aantal persone kan kry wat elkeen £5 per jaar bydra.


In hierdie gees, het die vergadering gemeen, moet die aanbeveling dan ook by die komitees gemaak word.

SLUITING.

Daar tans al die punte wat op die agenda voorgekom het, afgehandel was, het die Voorsitter 'n woord van hartlike dank en waardering uitgespreek vir die moeite wat die afgevaardigdes van die komitees hulle getroos het, asook vir die belangstelling van al die aanwesiges.

Hierop is op versoek van die Voorsitter die verrigtinge afgesluit met dankgebed deur Ds. D. Postma van Burgersdorp.

STAF—P.U.K.



Voorste ry (sittende): Prof. J. C. Coetzee, Mej. E. Mackenzie, Prof. F. Postma, Mevr. M. van der Merwe, Prof. J. A. du Plessis.

Middelste ry: Mnr. L. J. du Plessis, Dr. J. P. van der Merwe, Mnr. G. T. S. Eiselien.

Agterste ry: Mnr. E. Haddad, Prof. H. G. Schulze, Prof. C. J. H. de Wet, Prof. D. J. van Rooy, Dr. G. Dekker, Prof. A. J. H. van der Walt, Prof. D. J. du Plessis, Prof. J. C. van Rooy, Prof. G. van Wageningen.

Ingevoeg: Prof. S. P. E. Boshoff, Prof. J. D. du Toit, Prof. H. G. Stoker, Prof. Alma Norenus.

RE-UNIE VERGADERING

VAN DIE

OULD-STUDENTE EN DIE
STUDENTE VAN DIE
TEOL.^{IE}SKOOL

EN DIE

P. U. K.

RE-UNIE VERGADERING.

— van die —

LOUD-STUDENTE EN DIE STUDENTE VAN DIE TEOL. SKOOL EN DIE P.U.K.

Op Saterdagavond, 2 Augustus is daar 'n Re-Unie vergadering gehou van die oud-studente en die studente van die Teol. Skool en die P.U.K. Die saal was heeltemal vol, 'n bewys dat die belangstelling groot was.

Op versoek van mnr. B. J. de Klerk, Voorsitter van die S.V.R., het Ds. D. Postma van Burgersdorp die vergadering geopen met gebed. Mnr. de Klerk het daarop die aanwesiges hartlik welkom geheet en meegedeel dat die vergadering byeen geroep is met die doel om die wenslikheid te oorweeg om 'n vaste organisasie in die lewe te roep, waarvan die oud-studente en die studente lede kan word. So 'n organisasie kan dien om oud-studente en studente saam te bind en die onderlinge kontak met mekaar te bewaar. Tegelyk sou so 'n organisasie baie kan doen in verband met die insameling van geld vir die Boufonds van die P.U.K. en die werwing van studente vir die inrigting. Teneinde gang in die bespreking te kry het die S.V.R. enkele persone gevra om onderwerpe in verband met die saak in te lei.

Na hierdie inleidende woord van mnr. de Klerk word Prof. J. C. van Rooy gekies tot Voorsitter van die vergadering en mnr. F. J. Robbertse tot sekretaris.

Nadat Prof. van Rooy bedank het vir die vertroue in hom gestel gaan hy daartoe oor om die onderwerp, wat aan hom as een van die sprekers opgedra was, kortliks in te lei.

DIE WERWING VAN STUDENTE VIR DIE P.U.K.

Prof. van Rooy wys daarop dat die P.U.K., wat uit die Teol. Skool van die Gereformeerde Kerk ontwikkel het, tot stand gekom het as gevolg van die inspanning van 'n be-

paalde groep van persone onder die Suidafrikaanse volk, wat 'n sekere wêreld- en lewensbeskouing, nl. die Calvinisties-Kristelike, toegedaan is en wat verlang het om hierdie wêreld- en lewensbeskouing op wetenskaplike gebied beliggaam te sien 'n inrigting vir hoër onderwys. Studente moet aan so 'n inrigting in die Kristelike wêreldbeskouing opgevoed en gevorm word, terwyl so 'n inrigting tegelyk moet dien om 'n kristelike wetenskap op te bou.

Wat is nou die taak van die oud-studente en studente van hierdie inrigting? Dit is hulle plig om propaganda te maak vir die P.U.K. en die beginsels wat deur hierdie inrigting voorgestaan word. Dit is hulle plig om belangstelling te wek, elkeen in sy of haar omgewing, vir die P.U.K. Een van die belangrikste maniere waarop daar in belang van die P.U.K. opgetree kan word is om studente te werf vir die inrigting. Spreker wys daarop dat die Skrifwoord: „Die heeft zal gegeven worden,” ook geld vir die Uniwersitêre inrigtings. Van die groot Uniwersiteite is die oud-studente versprei oor die lengte en breedte van Suidafrika. Byna op elke klein dorpie word van elkeen van die groot inrigtings enkele oud-studente aangetref. En wat is nou die geval? Elkeen van die oud-studente maak propaganda vir sy eie Alma Mater en werf studente. Aangesien die P.U.K. nog nie soveel oud-studente in die buitewêreld uitgestuur het as die groot inrigtings, moet elkeen van hierdie oud-studente dit as sy plig reken om dubbel so hard te werk vir die P.U.K. as die oud-studente van ander inrigtings.

Spreker wys verder daarop dat die P.U.K. in dieselfde nou betrekking staan tot die Gereformeerde Kerk as die Uniwersiteit van Stellenbosch tot die Nederduits Geref. Kerk. Die P.U.K. vind vandag sy ondersteuners hoofsaaklik onder die lidmate van die Geref. Kerk. Dit spreek dus vanself dat daar veral op die lidmate van hierdie kerk 'n beroep moet gedoen word om hulle jong seuns en dogters na Potchefstroom te stuur. Dit is jammer om te sê dat daar vandag nog te veel jong lidmate van die Geref. Kerk na sogenaamde neutrale inrigtings gaan. Daar is vir hulle hoegenaamd geen rede om nie na Potchefstroom te kom nie; daar sou alleen verontskuldiging wees vir hulle as hulle noodsaaklik vakke moet kies wat nie aan die P.U.K. gedoseer word nie.

Spreker eindig sy toespraak met 'n dringende beroep op alle oud-studente en studente om hulle dure plig teenoor hulle Alma Mater te besef en na te kom, veral wat betref die werwing van studente.

Prof. Dr. F. Postma word nou geleentheid gegee om die vergadering toe te spreek oor

DIE MOONTLIKHEID VAN 'N JAARLIKSE SUBSKRIPSIE VIR DIE BOUFONDS EN DIE RE- ORGANISASIE VAN DIE P.U.K.-KOMITEES.

Spreker begin met die noodsaaklikheid te beklemtoon om doelmatige geboue vir die P.U.K. op te rig.

Die eis vir behoorlike geboue vloei in die eerste plek voort uit die feit dat die P.U.K. staan vir 'n beginsel. As hierdie beginsel dit wêrd is dat 'n inrigting vir hoër eis na stand moet gehou word vir die propagering daarvan, dan is dit eis dat so 'n inrigting deeglike geboue moet besit.

Maar afgesien van hierdie beginsel-eis is daar ook 'n pedagogiese eis. Dit tog is onmoontlik om in minderwaardige geboue 'n besef en gevoel van netheid en kiesheid aan te kweek. Ook die geboue en die omgewing moet daartoe meewerk om selfrespek te bevorder. Die minderwaardige geboue, waarin die P.U.K. tot dusver gehuisves was, kon nie anders as 'n gevoel van minderwaardigheid ook by die studente te laat ontstaan nie.

Wat egter die deurslag gegee het tot die verbetering wat tans aangebring word was ten eerste die Rapport van die Uniwersiteitskommissie en ten tweede die rapport wat uitgebring is deur die Kommissie van Onderzoek wat benoem was deur die Raad van die Uniwersiteit van Suidafrika. Beide kommissies het die geboue afgekeur as ondoelmatig en ongeskik.

Spreker wys verder daarop dat, as al die nodige geboue opgerig is, die Raad van die Regering aan lenings verskuldig sal wees 'n bedrag van ongeveer £65,000. Op hierdie bedrag moet rente betaal word, terwyl elke jaar daar ook sekere bedrae aan aflossing betaal moet word. Die Raad sal vir hierdie doeleindes jaarliks omtrent £5,000 nodig hê. Die Raad vertrou egter dat hy op die ondersteuners van die P.U.K. kan

reken. Spreker wys op voorbeelde van donasies van ander uniwersitêre inrigtings. So besit die Uniwersiteit van Stellenbosch die bedrag van £100,000 as die J. Marais-fonds. Die Uniwersiteit van Kaapstad het die som van £27,000 van wyle mnr. Jagger ontvang. Die Natalse Uniwersiteitskollege het aan donasies ingesamel £50,000.

Prof. Postma herinner daaraan dat die lenings wat die Regering aan die Raad gegee het kan dien as 'n toets vir die ondersteuners van die P.U.K. Uit die kontribusies van hierdie groep van persone, sal dit blyk of die beginsel waarvan die P.U.K. draer is vir hulle erns is.

Ten slotte verduidelik die Professor enkele stelsels waarvolgens daar deur die P.U.K.-Komitees gewerk kan word teneinde fondse in te samel. Hy beveel aan dat die Komitees geen reorganisasie sal ondergaan nie maar bly soos hulle is. Miskien sou daar 'n vaste bestuur in die lewe kan geroep word. Hy dring daarop aan dat oud-studente in verbinding en samewerking met die P.U.K.-Komitees sal tree en deur middel van hierdie organisasie sal werk wat betref die insameling van fondse.

Die volgende aan die beurt was Ds. Jacs. van Rooy van Ventersburg wat 'n inleidende woord moes spreek oor:

SAMEWERKING TUSSEN STUDENTE, OUD-STUDENTE EN P.U.K.-KOMITEES.

Die inhoud van hierdie toespraak, kort saamgevat, was as volg:

Hoe moet die P.U.K.-kragte georganiseer word met die oog op deeglike, gemeenskaplike aksie?

Dis die groot vraag, wat beantwoord moet word.

Elkeen van die groepe: Studente, Oud-studente en P.U.K.-Komitees het 'n eiesoortige roeping, binne eie kring, tot bevordering van ons skool. Algemeen word die behoefte egter gevoel, dat die geledere nouer aaneengesluit moet word.

Om hiertoe te kom moet ons eers die punte van aaneensluiting opsoek.

1) Wat die *studente* betref kan ons gebruik maak van die studentebblad, wat kan dien as ons mondstuk, en in hande moet kom van elke P.U.K.-ondersteuner. Die studentetoere kan

baie doen om die veelsydige lewe aan, maar tog eiesoortige karakter van, die P.U.K. onder aandag van ondersteuners en moontlike ondersteuners te bring. Deur met elke moontlike geleentheid op te tree tydens kerkgeleenthede en volksfeeste kan die studente baie propaganda-werk doen.

Graag wil ek beklemtoon, dat die student ooral waar hy (sy) kom, baie *simpatiek* moet optree, d.w.s. inleef in die leefwyse en gedagte-wêreld van moontlike ondersteuners. Om uit die hoogte te praat, en jou aan te stel doen meer kwaad as goed vir ons saak.

2) *Oud-studente* kan aansluiting soek by die P.U.K.-Komitees, moet meer belang stel in die studentebblad, en veral gebruik maak van die rubriek vir Oud-studente. Oud-studente ontmoet mekaar ook baie op kerklike vergaderings, kongresse, ens., sodat daar heelwat geleentheid is vir tenminste gedagte-wisseling en onderlinge inspirasie, so nie gemeenskaplike aksie nie in belang van ons beginsels. Dit het duidelik geblyk in die verlede, dat 'n Re-Unie in die gewone sin van die woord, by ons nie ingang vind nie. Maar tog die band is daar, onsigbaar, maar stewig.

3) *Die P.U.K.-Komitees* vorm 'n uitmuntende skakel tussen ons skool en die ondersteuners. Deur uitnodiging van professore e.a. kan die publiek meer op hoogte kom van die doel en strewe van die P.U.K. Met hierdie komitees moet ook die studente dadelik in aanraking kom as hulle toere organiseer. Die Komitees vorm ook die kanaal, waardeur studente hulle weg kan vind na Potchefstroom, waardeur die geld kan stroom na die kantoor van die P.U.K. Voorwaar, 'n onmisbare faktor om die voortbestaan van onse skool te verseker!

Waar ons so by die bestaande aansluiting soek, moet ons egter in sekere opsigte heeltemal anders tewerk gaan as in die verlede.

Ons moet nl. daarvan afsien om elke jaar 'n groot organisasie op tou te sit. Die verlamdend werkende afstande, en ook ons volksaard pleit daarteen. Daarom wil ek voorstel, dat elkeen van bogemelde groepe van dag tot dag doen wat voor die hand lê, en dat alle *P.U.K.-kragte eenmaal elke drie jaar gemobiliseer word*.

Verder moet ons onself nie verlaat op 'n bestuur, saamgestel uit individue, wat kom en gaan nie, maar wel, (wat meer organies, sowel as logies is), uit *vertegenwoordigers van liggame*.

Om meer konkreet te wees: Eenmaal elke 3 jaar vergader studente, oud-studente en P.U.K.-komitees in Potchefstroom in kongres, onder leiding van 'n bestuur, bestaande uit:

i) Rektor, Teol. Skool (saamroeper) en rektor, P.U.K. namens Oud-studente.

ii) Voors. en sekr., P.U.K.-Komitee, Potchefstroom, (namens P.U.K.-Komitees.)

iii) Voors. en sekretaris, S.V.R. en die praetor van die Teologiese studente.


* * *

Na afloop van die inleidende toesprake en 'n pouse gedurende watter tyd die aanwesiges heerlike verversinge geniet het, het daar 'n breedvoerige bespreking plaasgevind, wat veral gegaan het oor die volgende vrae: (a) Moet daar 'n vaste organisasie in die vorm van 'n Re-Unie in die lewe geroep word, al dan nie? (b) Indien so 'n organisasie in die lewe geroep word op watter wyse moet daar saamgewerk word met die P.U.K.-Komitees? 'n Groot aantal oud-studente en studente het aan die bespreking deelgeneem, en die sienswyses het nogal sterk uiteen geloop.

Uiteindelik het die vergadering op voorstel van mnr. L. J. du Plessis as sy bevinding vasgestel dat daar geen vaste organisasie gestig moes word nie, maar dat daar elke drie jaar 'n kongres gehou moet word van verteenwoordigers van die organisasies en groepe wat belang stel in die Teol. Skool en die P.U.K. So 'n kongres sal saamgeroep word deur die Rektore van die Teol. Skool en van die P.U.K. namens die oud-studente, die Voors. en Sekretaris van die S.V.R. van die P.U.K. en die Praetor van die studente van die Teol. Skool. By die saamroeping van die kongres sal die verskillende wenke wat uitgespreek is soveel moontlik in ag geneem word.

Nadat die werksaamhede afgedaan was, het Ds. Krüger van Bloemfontein die vergadering gesluit met dankgebed. Omtrent 11 uur het die aanwesiges uiteen gegaan onder 'n diep besef dat hulle, hoewel nie deur 'n uitwendige organisasie, tog deur 'n innerlike, onsigbare beginsel saamgebind word, wat onbreekbaar van aard is.

P.U.K.---Studente Verteenwoordigende Raad, 1930.



AGTER: M. Postma, B.A. (Vise-voorsitter.) H. J. J. Bingle, (Peningmeester.) J. F. du Plooy, B.A., C. E. Malan, B.A.

VOOR: Mej. J. M. le Roux, B. J. de Klerk, M.A. B.D. (Voorsitter.) J. P. Bingle, (Sekretaris.)

REDEVOERINGE,

GEHOU OP

SONDAG, 3 AUG., 1930,

DEUR

PROFESSOR J. A. DU PLESSIS

DS. J. V. COETZEE

PROFESSOR J. D. DU TOIT


DIE LIG SKYN IN DIE DUISTERNIS.

Johs. 1:5.

(Rede uitgespreek deur Prof. J. A. du Plessis op Sondag, 3 Aug., 1930, om 10 v.m. in die Geref. Kerk.)

Ons het hierdie dae te doen met die vraag hoe ons die be-
cefening van die Chr. Wetenskap sal bevorder.

Die inrigting waaroor ons saamgekom het van verskil-
lende plekke is in sy oorsprong Christelik en niteenstaande
die stremmende bepaling van die Uniwersiteit oor Hoër on-



PROF. J. A. DU PLESSIS, REKTOR TEOL. SKOOL.

derwys skryf die P.U.K. nog op sy vaandel: In U Lig. Lig is
ook vir die P.U.K. simbool van ware kennis en wetenskap.
Wat buite hierdie kennis lê word deur sy spreuk as duister-
nis verklaar.

Die reg daartoe word ontleen aan Gods Woord, wat die
onherbore mens nie alleen buite die regte verhouding tot God
in godsdienstig-sedelike sin verklaar nie, maar ons ook leer

dat die regte *kennis* van die geskapene en van ons verhouding tot alle kreature ons alleen gegee is, as ons in godsdienstige sin tot God in die regte verhouding geplaas is.

Vir ons sal in hierdie more moet duidelik word, waar ons onder die bediening van die Woord verkeer en andersins 'n geleentheidsrede moet hoor, hoe die beoefening van die ware wetenskap alleen vir ons moontlik is as ons in dié regte verhouding tot God gestel is en geestelik uit die mag van die *duisternis* getrek is en oorgeplant is in die Koninkryk van die Seun van Sy liefde om deel te hê in die erfenis van die heiliges in die lig.

Die vraag oor die betekenis en die beoefening van die Christelike wetenskap is ook vir die kerk 'n *lewensvraag* omdat die geestelike lewe onafskeidelik verbind is aan die natuurlike en ook vir 'n gesonde geestelike lewe *natuur en genade* nie kan geskei word nie. Net so min as wat vir 'n gesonde beoefening van die wetenskap natuur en genade van mekaar kan geskei word. Dis 'n valse godsdiens wat die lewe aan die onherbore natuur oorlaat, en dis 'n *valse wetenskap* wat deur uitbanning van die godsdiens homself in die duisternis plaas.

Die stryd is dan ook nie tussen godsdiens of skrif en wetenskap nie, maar tussen *geloof en ongeloof*, en hierdie teëstelling, wat die Skrif deurtrek op die hele geestes-erf van die menslike lewe, noem die Skrif ook vir die *menslike wete*, „Lig en Duisternis.”

Ons sal dan via 1) Wat Duisternis en Lig is, en 2) Hoe Lig en Duisternis teenoor mekaar staan.

I.

Wat is Duisternis? Van duisternis in natuursin lees ons vir die eerste maal in Genesis 1, toe die aarde woest en leeg was en ontbloet was van lig en dan van die teëstelling deur Gods skeppende woord: En God zeide: Daar zij licht! en daar werd licht.

En dit is asof Johannes in sy majestueuse inleiding op sy Evangelie ons gedagtes terug lei tot dié teëstelling as hy in hierdie verse spreek van Lig en Duisternis.

Hy het egter die oog op 'n ander soort duisternis, 'n geestelike duisternis. Die algemene toestand van sonde van

die mensheid word in die Skrif genoem *duisternis* en die ryk van die sondemag word geteken as *duisternis*.

Die onbekeerde toestand van die mens word genoem *duisternis*, soos Paulus van die Efesers sê:— „Want gij waart eertijds *duisternis*”, Ef. 5:18, en die bekering word genoem 'n *oorgang* van die *duisternis* tot die lig, Hand. 26:18, soos Petrus ook van die gelowiges sê dat God hulle uit die *duisternis* geroep het tot Sy wonderlike lig, 1 Petr. 2:9.

'n *Val* in *sonde* word ook deur 'n gelowige *beleef* as 'n toestand van *duisternis*.

Die oorsprong dan van hierdie *duisternis* van die mensheid moet gesoek word in die sondeval van die mens, en dit het sy hele *wese* deurtrek sodat hy met *al* sy sielsvermoëns in *duisternis* gesink het, soos sy hele menswese kragtens sy skepping in die lig was, beelddraer van God in *kennis*, geregtigheid en heiligheid.

Ja ook in *kennis*, in sy volmaakte kennis, nie alleen as Godskennis nie, maar ook as natuurkennis, so dat hy in sy aangewese taak as heerskappyvoerder mag en kennis besit het om die dinge te weet in hulle wese en daarom ook aan diere hulle wesensname gegee het, en om alles te onderwerp aan sy menskennis en ingeskape potensiele en werklike mag.

So magtig egter was die *duisternis* van die sonde dat hy die *natuurlik* van Gods redelike skepping gehul het in *verstandelike* *duisternis*.

Die toestand van die heidendom teken Paulus in Rom. 1 as 'n verdwasing van hulle *onverstandige* hart wat *duister* geword het, sodat hulle waanwysheid dwaasheid geword het, wat in sy uiterste konsekwensie godsdienstig-sedelike insinking veroorsaak het, sodat hulle afgodedienaars geword het en in sedelike *duisternis* meer en meer verval het.

Ook in Efese 4 teken hy in dergelike kleure die toestand van die heidendom, wat wandel in die ydelheid, die niksheid van hulle *nous*, hul sedelik-verstandelike gemoed, *verduister* in hulle *verstand*, deur die *onwetendheid* wat in hulle is. Skerper kan nie geteken word die fatale uitwerking van die sonde op die *verstandelike* lewe van die mens nie.

Hoe die sedelik-godsdienstige verduistering nou verwant is met die *verstandelike* toon ook die *geskiedenis* van die wetenskap onder die heidendom en die feit dat die gees van die mens verlig geword is en vir die wetenskap meer vrye

bane geopen is toe die woorde van genade en waarheid in die duisternis die ligstrale uit die Ewigheid laat val het.

Die Christendom het die gees van die mens verlos van sy duisternis en die beoefening van die wetenskap moontlik gemaak.

Dit bring ons tot 'n nadere beskouing van die *Lig*, waarvan Johannes spreek, en waarvoor nodig is 'n korte verklaring van die inhoud van sy Inleiding.

Eers lig hy die sluier van die Ewigheid op om ons te laat sien Een wat by God was en wat self *God* was, en hierdie Een noem hy die *Logos*, wat hier vertaal lui, *Die Woord*.

In die tweede plek laat hy ons die Woord sien in sy verhouding tot al die geskapene, naamlik as die Skeppingsmiddel: Alle dinge het deur Hom ontstaan.

Ons kan dan ook verstaan dat hy in die volgende vers van Hom, wat in sy wese God was en in Sy werk Skepper, verder sê dat in Hom *lewe* was. Die *oerlewe* was in Hom, die *Bron* van alle lewe was Hy, die *skepper* van alle kreatuurlike lewe was Die Woord.

En die geskape *lewe* was, so vervolg Johannes, vir die *mens Lig*. So is die mens eiesoortig met alle lewe maar andersoortig as die hoogste van Gods skepping, omdat van hom gesê is dat hy geskape is na Gods beeld, in kennis, geregtigheid en heiligheid. Lewe was vir hom *Lig*.

By hom het die lewe nie net gefonkel in sy oog nie, het dit nie net in aanraking gekom met alle kreatuurlike lewe en kragte nie, maar was dit inwendige lig wat *verstandelik* kon ken en onderskei, waardeur hy nie alleen sy Skepper geken het nie, maar ook die verhoudinge van die geskapene tot die Skepper en tot mekaar kon *weet*.

Lewe en *Lig* was vir die mens *heiligheid* en *kennis*; en so was hy geskape dat hy in onmiddellike aanraking was met die wese en die verhouding van alles en sy wetenskaplike pad nie gekruis gesien het met doornstruik nie.

Die *Lig* van die Lewe was dan ook kennis met *onverduisterde verstand*, maar, helaas, die donkerheid van die ewige duisternis het sy lig oorval en uitgeblus sodat alleen nog maar 'n vonkie van sy *natuurlike lig* oorgebly het, genoeg om hom van sy skuld te oortuig, genoeg om hom sy menswese nog te laat, genoeg vir hom om die ewige krag en goddelikheid van sy Skepper in Sy skepsels te sien, genoeg om nog met

eie redelig empiries, wat sintuiglik waarneembaar is, te ondersoek, genoeg om nog kennismateriaal te versamel.

Die natuurlike *rede-lig* het die mens deur sy sonde nie verloor nie maar die *Lewe* en die *Lig* het hy kwytgeraak en oor hom het gekom die Dood en die Duisternis.

Daarom, as *hierdie* natuurlike lig in die duisternis skyn, oorweldig die duisternis hom en sy wetenskaplike kennis, met al sy hoë vlug, laat die wêreld oor die lewensprobleme nog in die duisternis.

'n *Ander* Lig was nodig om die fatale duisternis op te helder, en die genade van God het weer Lig gebring, deur dat Hy aan die mensheid, versink in die duisternis en wat rondtas in sy soeke na wat hy verloor het, 'n *Openbaring* gegee het en deur die *verligting* van die H. Gees weer inwendige lig vir hom ontsteek het.

Uitwendig dus deur openbaring en inwendig deur *verligting* het die mensheid weer gekom tot die *kennis* en so het die lig in die wêreld geskyn.

II.

Laat ons nou die verhouding tussen Lig en Duisternis en die betekenis daarvan vir ons doel nader ondersoek.

Die Apostel sê in vs. 5: Die lig *skyn* in die duisternis. Dit in alle geval bly 'n feit en 'n deurgaande feit dat die Lig, gepenbaar in Gods Woord, die mensheid in sy duisternis verlig.

Die Lig skyn, as God in die verlore Paradys ligstrale werp van 'n nuwe hoop. En as die heidendom met sy *natuurlike* lig altyd soekende is en die heerlikheid van God verderf deur te aanbid wat hy self uit Gods skepping in oppervlakkige kennis sien as die *werklikheid*, dan sentraliseer God in een volk Sy Lig-openbaring, sodat sy sangers met lig bestraal die gelowiges van alle tye laat uitsing, in *lewens- en ligheidsbeseef*:

„Van al wat leef is U die Bron;
Van alle lig, die ewige son
Wat afstraal in ons oë.”

Die Duisternis het met die sondeval eers die *redelig* van die mens verdonker en toe sy hart of wils- en begeervermoë, want met redebeleid kom Satan tot die vrou om haar te *oor-tuig*, en toe het vir die eerste maal geblyk die tragiek van die

val, namelik dat die mens, in die woorde van Johannes, die duisternis liever gehad het as die lig.

En as die Lig van die Openbaring deurbreek dan word dit vir die mens gebring in *menslike dinkvorms* sodat hy deur *verligting* uit sy duisternis sou geraak.

Dis altyd *Die Woord*, die *gedagte*, die Rede, wat die *Lig* is en skyn in die duisternis. Die openbaringsgodsdien in teëstelling met die heidense, wat magies-misties is, is 'n *redelike* godsdien en as *verligte redelig* skyn dit in die duisternis van ons lewe.

Deur die Openbaring spreek God nie net in woord en Skrif nie maar die Woord skyn ook as openbaringsfeit in die geskiedenis van die mensheid, en daarom sê Johannes verder:

Die waaragtige lig, wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld en Hy was in die wêreld. En om hom in sy menswerklikheid voor te stel voeg hy nog daarby: *Die Woord het vlees geword* en het onder ons gewoon. En hierdie vleesgeworde Woord is die mens Christus, een van ons, met 'n *menslike verstand*, seker, 'n mens in sy swakheid soos ons, maar 'n mens wie se verstand nie *verduister* was deur die sonde nie, 'n mens, maar wat God geken het sonder openbaring en die werklikheid van die dinge geweet het *ongerep deur die duisternis*, wat nie 'n *soeker* van die waarheid nie, maar self die *Waarheid* was.

En hierdie Christus bring ons tot die ware *wetenskap*, as ten minste wetenskap vir ons iets anders is as materialistiese empiriese kennis, as die beoefening van die wetenskap vir ons 'n naspeure is van die *gedagtes van God* in die Skepping en in die Herskepping, as ons as wetenskapskennis *agter* die *sienlike* dinge die Logos, die *onsienlike orde* of *raad* van die dinge soek.

Seker, Christus is nie 'n *wetenskaplike* nie, nee Hy is *meer* as 'n wetenskaplike en daarom plaas ons Hom nie naas Plato of Konfusius, naas Kepler of Einstein nie, seker Christus het nie gekom om vir ons wetenskaplike kennis te gee nie, maar hy gee ons meer, hy is die Ligbringer, die Lig, die Openbaring, die Openbaarder, wat die mens weer in sy regte verhouding tot God bring en wat vir ons die *werklikheid* van alle lewe laat sien in sy oorsprong, *onderlinge verhouding* en *doelsbestemming*.

En as ons in die *Biologie*, die *Teologie*, die *Antropologie*, die *Psigologie*, die *Sosiologie*, en so veel meer, elkeen sy eie *logos* naspeur en hulle organiese *logoseenheid* om so te kom tot 'n *harmoniese wetenskapsgebou* dan soek ons die verklaring van hulle *onsienlike raaisels* in die Logos, die Woord, wat self *Theos* (God) was, wat die *Bios* (Lewe) was, wat *Anthropos* (Mens) geword het en self 'n *psigê* (siel) gehad het en alle mense geken het.

En daarom moet al ons gedagtes, na luid van die Apostoliese woord, ook die gedagtes van die wetenskaplike Kateder, gevange gelei word tot die gehoorsaamheid van Christus. Dit wil sê dat ook die wetenskaplike vorser in Christus moet glo.

Hy skyn ook *kosmies* in die wêreld wat gehul is in duisternis. Ja, Christus het ook vir die natuurwetenskap lig. Vir die wêreld van lewende en lewelose dinge is Hy ook die Son van die geregtigheid, in wie se lig alle beoefenaars van die wetenskap hulle kan verheug. Die dualisme van die lewe veroorsaak deur die sonde word in Christus tot 'n *eenheid* herstel sodat die Christen beoefenaar van die wetenskap met hart en met hoof Christen bly.

Laat ons nou 'n antwoord soek op die vraag in watter sin ons kan spreek van *Christelike wetenskap*.

As ons die stelling aanvaar dat die skepping van die mens na Gods beeld vir hom moontlik gemaak het om deur sy *redelig* God en Sy skepping te ken, dan ontstaan die vraag hoe sy duisternis weer *verlig* word na sy sondeval.

Sy lewe ontvang die mens deur die *wedergeboorte* van die H. Gees en sy *Lig* deur die *verligting* van die Gees.

In altwee hierdie werkinge skep die H. Gees egter *nie iets nuuts nie*. As Hy die mens *wederbaar* dan sit Hy sy *bestaan* om, maar Hy skep nie 'n nuwe mens afgesonder van die ou mens nie. Nee, die wedergeboorte is 'n lewensverandering van wat voortgekom het uit die *natuurlike geboorte*. Die „natuurlike” mens word 'n 'geestelike' mens deur die wedergeboorte. En as die H. Gees die *verstand* verlig dan is hierdie *verligting* nie 'n *nuwe* skepping van redelig lig nie maar dis 'n verligting van die *natuurlike redelig* wat verduister is deur die sonde. Die genade sluit dus aan by die *natuur* en die Lig verlig die verduisterde natuurlik en dit maak 'n Christelike wetenskap moontlik, 'n wetenskap wat hom *nie isoleer* van alle ander *wetenskapsvorsings* nie omdat die ge-

lowiges nie *ander soort* mense is nie maar as vernede mensheid aangesluit is by die *stamboom* van die mensheid.

Dit is die Calvinistiese opvatting van die Christelike wetenskap en daarom protesteer die Calvinisme teen die metodisme en wederdoperse rigtings wat die hart wil verander maar die hoof 'n prooi laat van die heidendom. Die *fiasko* van die Christendom in die kultuurlewe van die wêreld is te wyte aan 'n *valse* Christendom, wat die natuur aan die heidendom oorgelaat het en die genade binne die *kerkmure* gesluit het of dit gemaak het 'n saak alleen vir die hierna-maals. Die roeping om die Christelike wetenskap te doseer op die gelowiges omdat hulle sentraal verbind is aan Christus, wat en God en mens is, en wie se Koninkryk gaan oor alle gebied van die lewe.

Dis 'n valse posiesie en verraad teen die Christus om onder studente Christelike verenigings op te rig en hulle geestelik te bearbei en hulle wetenskap oor te laat aan die manne van ongeloof op wetenskaplik gebied; dis 'n verraad teen Jesus om Hom Koning te wil maak in die *hart* van die student en vir Satan 'n troon op te rig in sy *verstand*.

Die *moontlikheid* van 'n Christelike wetenskap bestaan dan in ons skepping na Gods beeld en die verligting deur die H. Gees van ons verduisterde redelig, die oorspronklike en natuurlike redelig, wat ons gemeen het met alle mense, en omdat ons deur die wedergeboorte in sentrale verband gebring word met die mens Christus, by wie die Bronlig van ons kennis gesoek moet word.

Die wetenskap is ook 'n organiese geheel, en vir hierdie organiese geheel en vir die dele moet dieselfde prinsipiële grondslae geld. Wel staan die een tak van die wetenskap in nader verband met Christus, die Teologie nader as die wysbegeerte, die psigologie nader as die fisiologie, en so voorts, maar as een geheel staan almal in organiese verband met die Christus.

Ek wys u eindelik op die stryd tussen die Lig en die Duisternis. Die tyd ontbreek om hierop breedvoerig in te gaan. Genoeg om u te herinner aan die feit daarvan, soos die Skrif ons predik en soos die ervaring ons leer:

„Die mense het die duisternis liever gehad as die lig.” As die Lig in die Duisternis skyn dan begryp die duisternis die lig nie, of volgens nuwere vertalers, die duisternis *oorweldig* die lig nie.

Altyd blyk egter dat daar stryd is—en dit is soos aan die begin gesê is, nie 'n *stryd* tussen godsdiens en wetenskap nie, maar tussen *geloof en ongeloof*, die laaste soms onder die dekmantel van die godsdiens.

Maar die stryd kan ook ontstaan omdat die duisternis die Lig nie begryp nie, of verkeerd verklaar.

Vir hierdie stryd is dit nodig dat elke stryder wedergebore en verlig sal wees deur die Heilige Gees en moet elke Christennavorser van die wetenskap hom bewus wees van die kennis van die waarheid.

Laat ons ook nooit vergeet nie dat die Christelike beoefening van die wetenskap ook 'n Christelike *lewe* eis. Die Woord is *Lewe* en *Lig*—wedergeboorte en verligting. Ook die *teëstander* toets ons deur ons lewe.

Aan die P.U.K. moet daarom godsalig gelewe word deur dosente en studente.

Dis ons dure roeping, gemeente, en van elke Christen, wat die salwing van Christus deelagtig is, om die Chr. wetenskap te steun met ons gebed, ons woord en ons daad. En ons het die reg om in die naam van Christus alle gelowiges te waarsku vir die wetenskap wat nie belig word deur die Lig wat die Waarheid is nie.

Ons land word nog genoem „Donker Afrika,” maar as die naturel onderwys op Chr. grondslag ontvang en die blanke nie dan sal die duisternis *ons* betrek en oorweldig.

Die volgende uit 'n Nederlandse blad moet ook vir ons 'n waarskuwende stem wees:—

„Jaren aan jaren heeft het Staats-openbare-onderwijs geslachten na geslachten gevormd buiten invloed van Gods Woord en honderden aan honderden advocaten, dokters, leeraars, zelfs dominé's gekweekt, die ons volk zijn voorgegaan op de weg des ongeloofs bij het verduisterde licht van het menschelik verstand. Zo zijn beschouwingen ingedragen over God en mensch, lichaam en ziel, leven en dood, huwelik en geboorten, schuld en straf, die geheel indruischen tegen wat God ons leert in Zijn Woord.”

Die Woord, ons Koning en Here, die Christus is vir *sondaars* Lewe en Lig—en ook nou roep Hy elkeen, wat in duisternis is, toe:—Ek is die Lig van die Wêreld! en elkeen wat in My glo sal nie in die duisternis bly nie—en uit die gapende kake van die *Ewige Duisternis* verlos Hy om u te bring in die *Ewige Lig*.
—Amen.

„HULLE IS MYNE.”

Genesis 48:1—6.

(Rede uitgespreek deur Ds. J. V. Coetzee op Sondag, 2 Aug., 1930, om 3 n.m. in die Geref. Kerk.)

Baie mense in Suidafrika staan vandag vyandig teenoor die eis om 'n kristelik-gelowige wetenskap en 'n kristelike Hoërskool, en huldig die leuse:— Die wetenskap moet **vry** wees. En, volgens hulle, kan 'n sogenoemde kristelike wetenskap nie vry wees nie, omdat dit dan aan sekere bepaalde voorafgaande gronde gebind sou wees.



DS. J. V. COETZEE.

Die voorstanders en pleitbesorgers van 'n kristelik-gelowige wetenskap word verwytdat hulle die bedenklিকে toelēg het om die hoogste erfgoed, wat die Reformasie aan ons gegee het, nāmelik die vryheid van konsjensie en die reg van privaat ondersoek en oordeel, te belaag en aan te rand. Ja,

die voorstanders en woordvoerders vir 'n kristelike wetenskap sou dan weer ongedaan wil maak die kostelike werk van die Reformasie en sou Suidafrika weer wil terugbring na die standpunt van die Roomse Kerk, deur die wetenskap, en die wetenskaplike ondersoeker te kneg onder die oppergesag van die Kerk, en also die vryheid van ondersoek aan bande te lê en die reg van privaat oordeel in die ban te doen.

Daarom doen teëstanders van 'n kristelike wetenskap en Hoërskool hulleself dan ook voor as die ware Protestante, wat die beginsels van die Protestantisme handhaaf, teenoor hierdie belagers en bestryders daarvan, wat aan die menslike rede die reg ontsê om vry te oordeel oor alle voorkomende vraagstukke.

Dis opmerklik dat teëstanders van 'n kristelike wetenskap en 'n gelowige Hoërskool terselfdertyd pleit in naam van die beginsels van die Protestantisme vir die reg van die menslike Rede om te oordeel oor alles—ook oor die Woord van God (die Hoër Kritiek) en tenslotte oor God en sy Christus self, en as regter te sit oor die godsopenbaring en alle geestelike sake.

Het die Protestantisme van die 16e eeu hierdie vryheid uitgeroep? Het dit die menslike Rede geproklameer tot laaste en hoogste regter? Het dit waarlik hierdie ondiens aan die wêreld bewys?

Die Reformasie het in die 16e eeu uitgeroep, geen bandelose vryheid nie, maar die reg van 'n *kristen* om, vry van die oorheersing van die Roomse Kerk, *alleen gebonde te wees deur en te buig vir die Woord van God*. Die Woord van God—dit het die Reformasie uitgeroep as die laaste regter en die hoogste gesag. En daarmee ook die reg en vryheid om die wetenskap te becefen, *alleen gebonde aan die Woord van God*.

Gebondenheid aan die Woord van God, wat beslag lê op die ganse mens en al sy lewensuitinge, siedaar die vryheid wat die Protestantisme van die Reformasie-eeu uitgeroep het. En kragtens hierdie vryheid om alleen aan Gods Woord gebonde te wees—aan daardie Woord wat ook beslag lê op ons verstand en wetenskaplike denke—kom voort die eis om 'n kristelike wetenskap en 'n kristelike Hoërskool. En uit die behoefte aan uitlewing van daardie eg-protestantse beginsel, wat uitroep gebondenheid aan Gods Woord alleen, is gebore

die P.U.K., wat in sy sinspreuk: In U lig, vertolk die heilige besef dat Gods Woord beslag moet lê op die wetenskaplike denke, navorsing en ontwikkeling, opdat die geslag van die Verbond nie sal vervreem in hierdie wêreld van die vrees, die Naam en die diens van God nie. En met en deur sy arbeid wil hierdie inrigting vir hoër onderwys, wat homself ten doel stel om die lig van Gods Woord te laat skitter op die terreine van die verskillende wetenskappe, met daardie Woord ook weer beslag lê op die jeug van ons volk, opdat hulle sal wees, nie vir Egipte nie, maar vir Kanaän en Kanaän's God! En daarom wil ons u in hierdie oomblikke wys op die beslag wat die Woord van God lê op die jeug van ons volk, as dit, teenoor die wetenskaplike ongeloof van ons dae, die hand lê op die geslag van die Verbond, met die eis:—Hulle is Myne.

Israel, die man wat homself by Pniël vorstelik teenoor God gedra het, verkeer aan die aand van sy lewe. Dit was 'n lewe van swaar beproewings en pynlike teleurstellings gewees. Die kastydinge van God het soos 'n ploegskaar deur sy siel gesny, keer op keer. In daardie sieledonkerhede is geboore geword 'n nuwe mens, wat God self so tekenend genoem het met die nuwe naam van Israel. In gestadige dood het weggesteurf die oue mens, by sy geboorte met die Jakobsnaam geteken. En nou, aan die einde van sy lewe, in Egipte, sal Israel, die vors van God, ge-inspireer deur die Gees van die profesie, oordra aan sy nageslag wat hy, kragtens Gods Verbond en Belofte, besit het aan *ewigheidsgoed*.

Dog voordat hierdie oordrag plaasvind, gebeur daar eers iets anders as Israel die twee seuns van Josef, Efraim en Manasse, vir homself *toeëien* as sy *eie* geslag, in wie se skoot daardie ewigheidsgoed in Gods Naam moet neergelê word. En hierop vernaamlik, wil ons die aandag saamtrek.

'n Tyd voor die dood van Jakob het Josef aan hom onder eed beloof dat die aartsvader nie in Egipte sou begrawe word nie. Daarna het nog enige tyd verloop en toe het Jakob siek geword—'n siekte wat sou eindig met sy dood. Toe die berig van hierdie siekte Josef bereik het, het hy hom gehaas na die siekbed van sy vader toe. Sy twee seuns, Efraim en Manasse—jong manne toe van in die 20 jaar—het hy saamge-
neem daarheen.

En hierin het gesprek Josefs geloof dat sy twee seuns hoort by die stam van Israel. Daarmee erken hy, dat sy kinders, hoewel in Egipte gebore, tog nie vir Egipte is nie, maar vir Israel. Daarom moet hulle ook teenwoordig wees by die sterfbed van Jakob. Josef was 'n man wat deel had aan die Egiptiese wêreld. Hy het die tweede heerser daarvan geword, en hy kon aanspraak laat geld op hoë eer en vorsteguns. Sy seuns, gereken onder die prinse en adel van Egipte, van moederskant uit een van die mees adellike geslagte van Egipte, burgers van die magtige koninkryk van die Nyldal, was jongelinge wat ook aanspraak kon laat geld op vorsteguns en paleisweelde, op vername staatsbetrekkings en hoë eerbe- wyse. Hulle had deel aan Egipte se beste bloed. Maar vir Jo- sef is dit van baie meer belang dat hyself 'n seun is van Ja- kob-Israel, as dat hy tweede heerser is in die Nyl-koninkryk. En dis vir hom van baie meer belang dat sy kinders 'n plek het in die stam van Israel, as dat hulle name staan op die stamlys van Egipte se adel. Veel swaarder weeg vir hom daardie ewigheidsgoed, in Israel beliggaam deur die Verbond en die Beloftenisse van God, as die skatte en skitterskoon van Egipte. En daarom gaan hy met sy seuns daarheen om vir hulle te soek die deelgenootskap aan die seën van Abraham, Isak en Jakob.

Toe Jakob die berig kry dat Josef kom, het hy homself klaargemaak vir die taak wat hy nog as aartsvader, deur die Gees van God, moes volbring. Hy het sy kragte bymekaar gesamel en op die bed gaan sit om Josef te ontvang. En na- dat hulle mekaar gegroet het, begin Jakob te spreek. Hy spreek van die groot skat van sy lewe; van die rykdom wat hy besit het; van die ewigheidsgoed wat hy had. Daardie- goed, daardie geestelike skat, laat hy na as 'n erfenis vir sy geslag.

En daardie skat wat hy had, was die *Woord van God* (vss. 3 en 4). God het aan hom *verskyn* by die begin van sy moeitevolle en swaar lewe. Toe het God die Almagtige, wat sy Woord doen, met hom *gepraat*, hom *geseën* en aan hom 'n *belofte* gegee. En daardie Woord van God, met sy seënbelofte, wat tot hom gekom het toe sy swerwersvoet oor die Jordaan gedwaal het, net vergesel van sy staf alleen, *het gegeld* nie vir hom persoonlik alleen nie, maar ook vir sy *nog ongeboore na- geslag*. Toe reeds het die Woord van God met sy belofte van

vrugbaarheid beslag gelê op daardie nog-ongebore geslag. Daardie Woord, wat met sy belofte daardie nog-wordende geslagte omvat, is gebind, nie aan Egipte nie, maar aan Kanaän. En dit bind dus Jakob se geslag aan God vas en roep dit *na Kanaän* toe. Met ewige bande is daardie geslag aan Kanaän vasgebind, aan 'n ewige erfenis, wat hulle aanvaankelik besit het in die historiese Kanaän, maar wat eers ten volle besit sal word as die erfenis uitgebrei is oor die hele aarde, en die ganse aarde geword het 'n Kanaän van Ruste.

So hou Jakob homself hier in sy uiteinde besig met die *Woord van God*. En hy doen dit in die heilige besef dat daardie Woord omvat ook sy nageslag wat deur die Belofte aan God en Kanaän gebind is. En sy hele handeling word beheers deur die feit dat Jakob weet in die geloof dat hy *draer* en *verteenwoordiger* is van Gods Woord. Alleen so verstaan ons die handeling van die aartsvader met Efraim en Manasse.

Die tyd het nou gekom dat Jakob daardie rykdom, aan hom gegee in die Woord van God, in die Naam van die Here sal oordra aan sy seuns, die stamvaders van Israel. Dog voordat hy dit doen, eien hy hom Efraim en Manasse toe as sy eie seuns, as stamvaders van Israel, omvat deur die Woord van God en aan God en Kanaän verbonde deur die onfeilbare Belofte (vss. 5 en 6).

Wat is die betekenis hiervan?

Jakob wil nie hiermee laat verstaan dat hy die seuns van Josef erken as sy nageslag nie. Daarvoor was nie nodig dat hy bewus en opsetlik die gesag van Gods Woord vir hom en sy geslag sou beklemtoon nie. Nee, maar hier is iets anders. Die stamvader van Israel eien homself hierdie twee seuns toe as sy eie. Hy wat Gods Woord het, dra en verteenwoordig, lê beslag op hulle en sê: Hulle is myne, soos Ruben en Simeon my eie seuns is. Hulle sal 'n plek hê en 'n naam tussen die stamvaders van Israel. En hulle het deel aan daardie Woord en sy Beloftes. Die het op hulle beslag gelê en daarom:

(1) Efraim en Manasse is nie vir Farao nie, maar vir God die Here. Al is hulle in Egipte gebore en gebind aan Egiptiese bloed, al deel hulle in Egipte se vorsteguns, hoër en edeler as daardie bloedband en as daardie band van wêrelds-eer, is die band van die Woord wat hulle bind aan God die Here en aan die geslag wat Hy deur Sy Woord aan homself gebind het. Al het Egipte se Farao oor Josef beskik toe

hy Asnat, die dogter van Potifera se huis, aan hom ter vrou gegee het, en hom so vasgebind het aan Egipte se adel, hier beskik Jakob in Gods Naam, oor die seuns van Josef en Asnat, as die wettige eiendom van sy stam wat met 'n onvergankelike band aan God gebind is. Hulle sal nie Farao se manne, maar *God se manne* wees.

(2) Daardie seuns van Josef is nie vir Egipte nie, maar vir *Kanaän*, want die Woord van God het Jakob se geslag aan *Kanaän* as hulle erfenis vasgebind. Hulle hoort nie by Egipte se adel nie, waaraan hulle bloed hulle vasbind. Nie onder daardie adellike geslagte sal hulle 'n lewensbestemming en -roeping vind nie. Maar hulle hoort by die geestelike adel van Israel, waaraan hulle vasgebind is deur die Woord van God, en deur daardie Woord geridder, sal hulle lewensbestemming en -roeping vind tussen die stamvaders van Israel. En nie in Egipte sal hulle erfenis wees nie, kragtens 'n band van bloed en eer, maar in Kanaän, kragtens die hoëre band van die Woord van God.

Dis geloofswerk, wat Jakob hier verrig. Daarom dat die skrywer van die Hebreërbrief ook later getuig dat Jakob *deur die geloof* die seuns van Josef geseën het. Deur die geloof is Jakob in sy uiteinde *diensbaar* aan die Woord van God en lê hy met daardie Woord die hand op die kinders van Josef, bepaaldelik omdat gevaar van die kant van Egipte hulle bedreig. Hier tree Jakob in die geloof op om die stamboom van sy geslag te beskerm met die Woord van God teen Egipte se dreigende gevaar en hulle te behou vir die Woord Gods, vir Gods Naam en Gods Kanaän. Deur die geloof voorsien hy die gevaar, en daarom lê hy die hand op hulle: Hulle is myne.

Want van die kant van Egipte het 'n bepaalde gevaar hierdie jongelinge en Josef se geslag wat na hulle gebore was, bedreig. Die gevaar van die kant van Egipte het geskuil in die ereband en die weelde waarmee hulle aan Egipte vasgeknoop was.

Deur die verblyf in Egipte het die stamboom van Israel besonder gevaar geloop. Daardie stamboom is reeds geskeur geword deur die sonde van die seuns van Jakob en hulle misdaad teenoor Josef. En hoewel dit deur Gods genadige beskikking oor Josef, bewaar is en weer in eenheid opgerig, het Josef se huis tog besonder gevaar geloop deur die hoë posisie wat dit in die Egiptiese wêreld ingeneem het. As gevolg

van hulle ereposiesie en van die bloedband wat hulle aan Egipte se adel gebind het, het Josef se kinders gevaar geloop om te vervreem van die stamboom van Israel. Hulle was deelgenote van en kon kragtens geboorte en posiesie, aanspraak laat geld op die Egiptiese wêreld, met al sy weelde en rykdom, al sy grootheid en glorie. Weelde en eer is sterk bande. En as Afraim en Manasse, bekoor deur die eer en skatte van Egipte, sou vervreem van die Woord van God, van die roeping van Abraham, Isak en Jakob, van die belofte van die vaders, dan sou daarmee die heilige stam vergoed geskeur en vernietig wees. En as daar straks die verdrukking sou aanbreek oor die geslag van Jakob in Egipte, dan sou daardie geslag van Josef, indien hulle sou vervreem, staan tussen die verdrukke en 'n plek hê tussen die *vyande Gods*. So het Josef se geslag gevaar geloop om uiteindelik te staan tussen die haters van God en sy volk, en, in plaas van te wees deelgenote van Gods Verbond en sy seëninge, getref te word deur die vloek en die oordeel van God. En daarom lê Jakob hier in die geloof beslag op hulle: Hulle is myne. En hierin moes Josef sy lewensroeping voleindig dat hy erken die hoëre band van die roeping van die Woord van God, wat van bo is, en homself en sy geslag met beslistheid oorgee aan die stamboom van Israel, ook al kos dit hulle die weelde en die ereposiesies van Egipte. En hierin sou hulle die Raad en die beskikking van God dien as hulle, soos later ook Moses, deur die geloof sou weier om *kinders van Egipte* genoem te word, en die smaadheid van Christus groter rykdom sou ag as al die skatte van Egipte (Hebr. 11:24—26).

So het Jakob deur die geloof in sy uiteinde sy stam gebou met die Woord van God en het hy weggesterf in die ligglans van daardie Woord wat hom en sy stam omskitter het met heilighede.

En dit alles is geskied om Gods wil en om Hom alleen! Nie allereers terwille van Efraim en Manasse self nie, maar opdat hulle diensbaar sou wees aan die Eer van God, aan die vervulling van sy Raad, van sy Verbond en Beloftes; diensbaar aan die toekoms van sy ewige welbehag, waarin die oorwinning en die heerlikheid verbly aan die Woord van God, aan Christus Jesus, uit Wie se soenoffer kom die ewige erfenis van al Gods volk wat deur die Woord van God in sy onberouelike roeping onbreekbaar vasgebund is aan Gods ewige

heerlike Kanaän, waarheen hulle geroep is deur daardie Woord wat op hulle in ewige besitsreg beslag gelê het: Hulle is Myne.

„Die wetenskap is vry” — dis die leuse wat die wetenskaplike wêreld in sy vaandel geskryf het om te wapper ook in ons Afrikaanse lug. En wie nie hierdie leuse huldig en nog durf gewaag van „gebondenheid” van die wetenskap, word aangesien as ’n gevaarlike dweper, met ’n benewelde brein en word prysgegee aan die veragting van al wat homself as „wetenskaplik” bestempel.

„Die wetenskap is vry.” Dog daar is tweeërlei vryheid. Die Protestantisme van die 16e eeu het uitgeroep die vryheid, waarmee Christus ons vrygemaak het om die lewende God te dien. Daardie vryheid is aan ons gegee deur die worsteling om weer vry te wees van Roomse kerklike tradiesie en konsjensie-tirannie. Maar dit was ’n vryheid wat bestaan het in *gebondenheid* aan daardie hoogste gesag wat staan bokant alle kerklike tradiesie en besluit: Die Woord van God. En hierdie vryheid is ook uitgeroep vir die man van wetenskap om sy weg te gaan en sy werk te doen *alleen gebonde aan die Woord van God*.

Die 18e-eeuse Protestantisme het ook vryheid uitgeroep. Dit was egter nie die vryheid van ’n *kristenmens* nie, maar die vryheid van die *natuurlike* mens—die vryheid van die *verduisterde rede*. Hierdie Protestantisme het ook geprotesteer—teen alles wat bonatuurlik is, teen gebondenheid van die rede aan die Woord van God, teen God self en sy Christus. En versmadend die lig van die Woord van God én oor die geskape natuur én in die hart van die man van wetenskap, het dit geproklameer die vryheid van die Rede om gebonde te wees alleen aan—homself. Op die regterstoel is geplaas die natuurlike mens om te oordeel oor en te kritiseer alles—ook God en sy Woord. En daar het gekom ’n toeleg om Christus ’n tweede keer te vermoor—nou in die harte van mense en om Hom daarna vergoed weg te sluit in ’n vergete graf.

Ons huldig die eerste vryheid—die vryheid van die kristen; die vryheid wat gebondenheid is aan Gods Woord; die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het om God te dien, ook met ons verstand. Ook op die erf van die wetenskap. Uit die geloofsbegeerte om ook hier ons roeping te vervul en ook hier diensbaar te wees aan die Naam en saak, die

eer en raad van die Here, is gebore die P.U.K. met sy inspire-rende sinspreuk: In U lig, o Here. Dis 'n geloofspoging om die Woord van God te dra op die erf van die wetenskappe, daar-die Woord van God wat beslag moet lê op ons volksjeug: Hulle is Myne.

En dit word gedoen, bepaaldelik omdat gevaar dreig—die gevaar dat hulle die hoëre band sal misken waarmee hulle gebind is in die Woord van God, in die Verbond en die Doop, om gans en al op te gaan in die wêreld.

Dis geen denkbeeldige gevaar nie. Hulle is daar, in ons land, manne en vroue wie se wetenskaplike verligting gekoop is vir geestelike duisternis; manne en vroue wie se wetenskaplike en kultuur-rykdom gekoop is vir die prys van geestelike armoede; manne en vroue wat vir 'n wetenskaplik-verligte verstand betaal het die prys van die Koninkryk van Christus en die Vaderhuis daarbo. O, ons weet ook wel van hulle, wat deur 'n wetenskap, vrygemaak van alle gebondenheid aan Gods Woord, skipbreuk gely het van die geloof.

En dit word droef as vir wetenskaplike verligting betaal word die prys van die vrees van God! As dit gekoop word met vervreemding van die Woord van God, met geestelike duisternis, onkunde en armoede!

Want dis 'n rampspoedige mens wat net ryk is na die wêreld en ook nie ryk is in God nie. Dan word dit vir sy besitter 'n vloek in plaas van 'n seën.

Terwille van hierdie vervreemdingsgevaar moet die Woord van God ook op wetenskaplike erf beslag lê op ons jeug: Hulle is Myne.

Die Woord van God moet op hulle beslag lê, en hulle moet wees 'n geslag wat gebonde is deur daardie hoëre band, met hoeveel bande hulle ook aan die wêreld gebind mag wees;

'n Geslag wat sy plek het in die Koninkryk van God en die Kerk van Christus, al het hy ook sy plek in die wêreld;

'n Geslag wat, behalwe wetenskap en kultuurgoed, ook ewigheidsgoed besit;

'n Geslag, nie vir Egipte nie, maar vir Kanaän;

'n Geslag, gebonde deur Gods heilig Woord, wat hom Kanaän toe roep;

'n Geslag van *Godsmanne en -vroue*, wat weet wat dit beteken om voor God te *staan*, diensbaar aan die Naam en die Woord, die saak en die eer, die heerlikheid en die Welbehag van die Here;

'n Geslag wat in ewige Kanaän van nuwe aarde, sal vind sy ewige lewensroeping en -bestemming, en geadel deur die Woord, die saak en die eer, die heerlikheid en die Welbehag Gods wat deur die Woord van God onder alle geslagte, tale en volke uitgeroep geword is na die ewige Kanaän.

En mag God, die Almagtige, wat Sy Woord doen, **aan** die P.U.K. gee die eer en die genade om daartoe te wees 'n middel in sy Hand.

—*Amen.*

HERBOU VAN JERUSALEM SE STADSMUUR.

Nehemia 3.

(Rede uitgespreek deur Prof. Dr. J. D. du Toit op Sondag, 3 Aug., 1930, om 7.30 n.m.
in die Geref. Kerk.)

Hoe kleef ons herinneringe aan aardse, stoflike voorwerpe vas! Die plek waar ons as kind gespeel het, die huis waar ons vroeër gewoon het, die omgewing waar vreugde of



Prof. Dr. J. D. DU TOIT.

leed ons deel was,—dit is die draers van die uit tere stof geweefde herinneringe. Hoe kan hulle sweef om dié plekke en voorwerpe, veral as ons dit besien, daarby staan peins in die skemering of by sterrelig! Hoe kan hulle die hart hoër ophef. Ons voel dat ons hoër leef, los van die bande van die stof, al is dit dan 'n weemoedstemming wat oorheersend is. Wat moet dit dan nie vir 'n Jood gewees het nie om Jerusalem weer te sien. Watter liggestaltes uit die verlede het in sy gemoed opgeklum; wat 'n oorstelpende gevoel het sy siel oorweldig. Die stad weer te sien wat sy vaders soveel eeue gelede gebou het! Die mure, so eerbiedwaardig oud!

Nou weer, in ons tyd, was die klaagmuur aanleiding tot die geweldige onluste in Palestina. Geen wonder nie. Sterk druk die Psalmis dit uit as hy sê: Ons het medelyde met die gruis van Jerusalem. Aan die muurklippe wat kruis en dwars in die puin lê, het vir die Jood die teerste herinneringe vasgesit. Hulle mond was dan ook vervuld met gelag, sê Ps. 128, toe hulle as gevangene losgelaat was en Jerusalem weer gesien het. Aan die ander kant—wat 'n verwaarlosing van wat vir hulle so kosbaar was. Hulle huise was wel herboud. Ook die tempel het weer verrys ná die redes van Haggai en Sagaria. Maar die geskeurde muur en verbrande poort van Jerusalem het in dié toestand gebly. Dit is die berig wat Nehemia ontvang in die paleis. Hulle het daar niks aan gedoen nie.

So is 'n mens. Die een oomblik wil jy alles gee en jouself opoffer om 'n dierbare kranke te red. Is die kranke gesond, dan tree weer die ou onverskilligheid in!

Al die jare het hulle dit aangesien dat die groot muurklippe in die gruis lê, slordig deurmekaar gewentel soos die Babiloniese vyand daar huis gehou het. 'n Nehemia moes kom om die volk uit hulle besefloosheid te laat ontwaak.

Natuurlik het dit tyd geneem om 'n nuwe bouplan op te trek, om vergaderinge te hou met die voormanne in die stad en ook in die distrik, om besware uit die weg te ruim, om elkeen 'n porsie van die werk aan te wys. Maar daaromtrent swyg die geskiedenis. Net die *groot feit van die muurbou* word voor ons gestel. Daar gaan ons op let. Ons gaan dus spreek oor 'n *groot organisasie* en die resultaat daarvan, en gaan dit in verband bring met wat gedoen moet word vir die inrigting vir hoër onderwys wat hier gevestig is. Voor ons

verder gaan, moet ons eers die weegskaal in die hand neem en eerlik weeg. Wat is die P.U.K. vir ons werd? En mag ons dit met Jerusalem op een lyn stel?

Feitlik kan niks op aarde naas Jerusalem gestel word nie. Selfs die plaaslike gemeente nie. Jerusalem op aarde is teken en tiepe van net een saak, n.l. die *Jerusalem wat bo is*, ons aller moeder.

Dit aangeneem, moet u toestem dat daar vir die gelowiges nog ander waardes is. Daar is die plaaslike gemeente, die kerkverband met wat daaraan vaskleef, ook die sending. Dit kan in swakker sin óók ons Jerusalem genoem word.

Maar dan is daar die onderwys van ons kinders. Van laer onderwys spreek ons nou nie. U weet wat die toestand daarvan is. Maar daar is die inrigting vir hoër onderwys wat vir ons 'n belofte vir die toekoms in sy skoot dra. Werklik, as dié inrigting sou moet opgehef word, wat moet ons dan begin? Net maar wéér een oprig—dit is al wat ons sou kan doen! Anders beteken dit maar min om nog Kálvinis te wil wees.

Ons kan dié inrigting so kosbaar en kostelik ag, omdat dit inderdaad 'n ringmuur is om wat vir ons hoog en heilig is. Daaroor straks meer.

Inderdaad is die onderwys volgens Gods Woord 'n muur om die kerk. Ongelooflik dat daar nog gelowiges is wat sê: „Hier is die kerk, en daar die wetenskap—en die twee het niks met mekaar te maak nie.” n Kerk wat die ringmuur van Christ. onderwys nie om hom het nie, is 'n stad wat alkant ooplê vir die vyand.

Ons het ná ons ballingskap wel ons huise gebou, en ook ons kerkgeboue laat verrys, maar die skole lê nog in die puin! 'n Kerk sonder Christ. onderwys is 'n Jerusalem sonder muur. Dit het die kerk in Suid-Afrika altyd besef. Sedert ons oorlog egter het ons nog wel besit van die tempel, maar by die muur voer Sanballat die hoogste woord.

Maar laat ons nou op die bouers uit die ou tyd let. Daar is verskillende groepe aan die werk en op verskillende plekke.

1) Die hoofst. begint al dadelik met as eerste groep te noem Eljasib, die hoëpriester, met die priesters. Hulle het gebou die noordelike muur van die Skaapspoort N.O. tot by die Vispoort N.W. Daar was ook twee belangrike torings: Hammea en Hannaneël.

Selfs moet wellig tot hierdie gedeelte gereken word die tempelvesting (2:8). Dus seker die vernaamste deel van die werk.

Dit verdien ook aandag dat verder in die hoofstuk meer gespreek word van *herstel*. Hier egter van *bou*. Dit kom daarvandaan dat die vyand sy aanvalle vanaf die noordekant maak en aan dié kant sy operasie-basis gehad het. Aan dié kant was die muur blykbaar heeltemal verwoes, terwyl wes en suid en oos groot stukke, belangrike gedeeltes bly staan het. Van hierdie drie kante was 'n aanval dan ook nie maklik nie weens die steiltes waar 'n leër moeilik kon opereer.

Nou hoor ek al 'n bedenking. Dit is: 'n Priester moet *offer*, hy moet nie *bou* nie. Hy hoort in die *tempel*, nie by die *stadsmuur* nie. Hy moet die *altaargereedskap* hanteer en nie 'n *kliphamer* of *troffel* nie. Messelaar en selfs timmerman mag hy nie wees nie. Maar die manne uit Nehemia se tyd het beter geweet. Hulle het tenminste nog die eenvoudige gevolgtrekking kon maak dat 'n tempel met 'n oop stadsmuur nie lank van duur sou wees nie. Dan bly die Sanballats heer en meester van Jerusalem en dikteer wat hulle wil. Nie lank of met 'n oop stadsmuur sou die tempeldiens weer gestaak moes word.

„'n Predikant moet net preek, 'n ouderling moet net regeer in die kerk, 'n diaken moet net arm mense versorg, 'n kerk...moet net 'n kerk wees”—dit is die geliefde redenering. Gevolg daarvan is die nare metodistiese toestand waarin ons lewe. En die Sanballats triomfeer oor ons by die stadsmuur! Ek hoop dat die dienaars in die Geref. Kerk so wys sal wees soos die hoëpriesters en sy broers in die dae van Nehemia. Laat hulle almal *soos een man* dit onderneem om te bou, en kyk waar ons dan sal staan!

2) Verder merk ons op volgens vss. 2, 5, 7 ens. dat nie net Jerusalemiëte gebou het nie. Ons lees van manne uit Jerigo, Gibeon en Mispa—dus uit die noord van Jerusalem geleë plekke; ons lees ook van Tekoïete, mense uit die suide van Juda. Hulle het in geselskappe opgetrek om te gaan help en elkeen sy stuk klaar te maak.

Dit is 'n besonder mooi trek uit die verhaal. Was die mense selfsugtig dan kon hulle maklik 'n verskoning gevind het. Dit het voor die hand gelê om te sê: „Ons woon nie in

Jerusalem nie; die stadsmuur sal ons op die dag van gevaar geen beskerming bied nie."

Maar nee, die mense het gekom. Wel mis ons byv. die name van Bethlehem en Netofa. Maar Nehemia sê ons daar niks van nie. Hy wil ons vertel hoe *gewillig* die mense was. Die onwilliges noem hy net een keer. Die werk het al te goed aangegaan om al die teëvallers te verewig.

Wie dink hierby nie aan óns toestand nie? Die inrigting hier ter plaatse moet bestaan deur medewerking van hande uit vergeleë streke. Anders sou dit nie reg wees van die rektor om orals hulp te soek, naby en ver. As ek dink aan ons uithoeke, aan Soutpansberg, aan Grikwaland, aan Barkly Oos, aan die Natalse gemeentes, aan die asemlose vlaktes en menigte van hoogtes wat ons vanmekaar skei, dan lyk dit onmoontlik om almal te verenig tot een arbeidstaak, almal belangstelling in te boesem vir 'n inrigting wat menigeen nog nooit gesien het nie. „'n Kind sal ons nie daarheen stuur nie. Regstreekse voordeel het ons daar nie by nie"—so word allig geredeneer.

Tog moet daar deur almal gehelp word. Vir Jerusalem was elke goeie Jood bereid om op te offer. Die saak van ons hoër onderwys, die weghou van die ongeloof, die bestryding van die modernisme, is *elke* Gereformeerde se roeping. Ons roep die noorde toe: Gee! En die suide: Hou nie terug nie!

3) 'n Derde groep bouers is die klein klompies van wie geskrywe staan dat hulle *teenoor hulle eie huis herstel het* (vs. 10, 28, 29). Dit is ook 'n mooi trek. Dit is 'n teken van gewilligheid. Die man wat teenoor sy huis bou, toon dat hy nie *gaan* werk soek nie, maar dat hy doen *wat sy hand vind om te doen*. Dit geld natuurlik van diegene wat by die stadsmuur gewoon het. Hulle het dan ook groot belang by die stadsmuur se herbou gehad. By 'n vyandelike aanval het hulle eerste in die vuur gekom. Die skaduwee van die stadsmuur het vir hulle baie beteken.

Mag ek diegene wat direk belang het by hierdie inrigting, soek in die huise waar jongmans en dogters is wat moet opgelei word? Dit lê tog wel voor die hand.

Wat kan 'n saak vorder as elkeen net sy klein pliggie doen! En wat ly 'n saak skade as daar orals ontroues te vinde is.

Daar is huise waar gedink word: „My seun of dogter hoef ek nie te stuur nie; daar is genoeg. Ek stuur myne nalders. Die gemis van een sal daar nie gevoel word nie.” Daar-gelaat nog die beginselloosheid van so 'n handelwyse—is dit 'n moordende prosataal uit die daaglikse ervaring.

Was elke huis „by die stadsmuur” in ons kerk maar getrou, dan sal die studentetal al dadelik klim met minstens 'n 25 nuwes. Wat beteken dit nie al nou nie; en wat gaan dit beteken vir die toekoms—die getrouheid n.l. van elke gesin by die stadsmuur.

4) 'n Vierde groep is dié waarvan gesê word dat hulle 'n *twede stuk* van die muur herstel het, vss. 11, 20, 27. In vs. 20 staan van Barug dat hy 'n tweede stuk *ywerig* herstel het. Die gedeelte wat hulle aangewys was, is klaar. Nou gaan hulle nie huistoe nie. Wat 'n meevaller moet dit vir Nehemia ge-wees het om te hoor: „Ons is klaar, gee nog 'n gedeelte!” Daar was genoeg teëvallers, soos gewoonlik by gesamentlike ondernemings. Gelukkig as dit vergoed word deur sulke ywe-rige mense wat kans sien vir nog 'n stuk.

As ons vir 'n algemene saak ywer, dan is ons so gou om onself met ánder te vergelyk. Dan wil ék meer doen as 'n ánder ook meer doen. Dan is ek bang dat ek my private be-lange skade sal aandoen.

In die kerk is dit daarom so 'n gesug en gesukkel met die kerkgeldjies. Laat my hier net sê, dat as dié gesug en ge-steun in die ore van die Here Sebaot moet opklim, en Hy ons daarna moet vergeld, dat ons dan wel al die plaë van Afrika verdien het.

Lees tog in u eie lewensboek. Het u iets armer geword, omdat u ander gehelp het, of die kerk of P.U.K. versorg het? Toe u arm was, het u dit uit u armoede gedoen. En kyk hoe het die seën gekom! Ja, dit was toe 'n werk in die geloof. Nouliks kon u seën verwag. Dit het gelyk of teveel verlang word, en of u teveel gedoen het. U het ook nie gewerk om 'n seën nie. Maar in die geloof. En daar het u nou nog u besit-ting en selfs meer.

Nadat bowestaande gemediteer was, het ek op die dorp verneem dat die broeders op die gedagte gekom het in die hoofgebou van die P.U.K. die koste van elke kamer te bere-ken. Elke P.U.K.-komitee of ander groep kan dan 'n kamer uitkies om af te betaal. 'n Koperplaatjie sal dan die naam van

dié komitee of groep bestendig. Net wat gebeur het in die dae van Nehemia. *Elke groep sy eie stuk*. En sommige het nog 'n stuk (in ons geval nog 'n kamer) bygevoeg by die eerste. En Nehemia het hulle name verewig—nie op 'n koperplaat nie, maar in sy boekrol!

5) U opmerksaamheid het seker getrek vs. 12 waar staan dat Sallum, nog wel owerste van die halwe distrik (buite) Jerusalem, 'n stuk muur herstel het *met sy dogters*. 'n Mens sou sê, dit is geen werk vir vroue nie met die geweldige klippe van die stadsmuur besig te wees. Die man Sallum kon hom wel verskoon het: „Ek het net dogters; sal wel persoonlik help, maar kan niks meer doen nie.”

Nee, hy maak van die nood 'n deug. Of die dogters nou juis gemessel het, ons weet dit nie. Maar hulle het nie by die stadsmuur ontbreek nie. Hulle name word eervol vermeld onder die *bouers*.

Hoe mooi dat die Skrif die vrou eer, haar groot dade noem en roem, en dat daarin tog geen spoor van feminisme is nie. Die vrou het vrou gebly. Reeds word moeder Eva met die tiitel vereër: „Moeder van die lewendes.” As die feminisme sy sin het, dan kan hulle gou die vrou noem: „Moeder van die dooies”; of liewer: „Van die wat nooit bestaan het nie.”

Daardie man en sy dogters is verewig in die boekrol van Nehemia.

En waar kan 'n dogter en moeder mooier werk vind as die arbeid vir ons inrigting? Haar broer, haar kind wil sy nie laat groot word vir die ongeloof nie. Geen gelowige moeder wil daarvoor moedersmart uitstaan nie.

O as ons moeders en dogters ons almal wou help. Nie om later te sê nie: „Gee ons nou stemreg;” maar om die skoonheid van die saak en vanweë die van God opgelegde taak.

'n Donker trek in die tafereel is dat die vername mense van Tekoa hulle nek nie wou buig onder die diens van hulle Here nie (vs. 5). Met die Samaritane was die groot grond-eienaars vriende; vandaar dat hulle afvallig geword het. Die arbeid aan Jerusalem se muur was nie in belang van die Samaritane nie!

Ag, dié vernaamheid! Getel te wees by die mense. Nie agter te wil staan nie. By die grootste inrigting aan te sluit. Nie „dopper” te wil wees nie.

Baie is verbaas dat Jerusalem se muur-bou klaar kon kom in 52 dae. Wat 'n werk. Maar let op die feit dat die muur nie-crals ewe stukkend was nie. Soms was maar 'n klein herstel nodig. Maar let veral op die pragtige organisasie. Dan bowe-alles op die *gewilligheid*. Ons *kan* as ons net *wil*. Was ons maar daarvan oortuig!

Ons kan geen Babilon bou nie. Dit is aan die Nebukadnēsars oorgelaat. Maar ons kan 'n Jerusalem bou; ons kan *ons* Jerusalem bou. Ons *het* die middels. God het gegee, maar ons het teruggehou.

Maar nou nog dit. Laat daar geen smet op ons wapen-bord kom nie. Die lig wat afstraal van die kandelaar moet onvervals wees. Elke vlagie ongeloof bring vermindering en verduistering. 'n Geweldige eis.

Dan, die ligdraer, die kandelaar was van smettelose goud. Geen smet mag op die ligdraer wees nie! Net so 'n swaar eis, vir professore en studente.

Laat ons in hierdie twee opsigte streef na die ideaal wat uitgebeeld is op ons wapen wat die sinspreuk dra: „In U Lig.” Dan sal dit goed wees met die P.U.K., én nou én in die verste toekoms. Mag die almagtige God ons daartoe in staat stel!

—Amen.

DIE HOEKSTEENLEGGING

VAN DIE

HOOFGEBOU VAN DIE

POTCHEFSTROOMSE

UNIWEBSITEITSKOLLEGE

OP

MAANDAG, 4 AUG., 1930.

DIE HOEKSTEENLEGGING
 van die
HOOFGEBOU VAN DIE POTCHEFSTROOMSE
UNIERSITEITSKOLLEGE

op
MAANDAG, 4 AUGUSTUS, 1930,

deur

Sy Ed. Dr. D. F. MALAN, Minister van Onderwys.

In aanwesigheid van meer as 'n duisend belangstellers, onder wie verteenwoordigers van die Kabinet, van onderwysinrigtings, van kerke en verder 'n hele aantal Volksraadslede en Senatore, het die Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, op Maandag, 4 Aug., 1930, om 3 n.m. die hoeksteen van



OP „BEVEL” VAN DIE STUDENTE STAP DIE MINISTERS OOR UIT DIE
 MOTER IN DIE OPGETOOIDE KOETS.

die nuwe hoofgebou van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege gelê. Daar was o.m. teenwoordig die Minister van Lande, mnr. P. G. W. Grobler, die prinsipaal van die Randse Uniwersiteit, mnr. R. H. Raikes, dr. N. M. Hoogenhout, Onderkanselier van die Uniwersiteit van Suidafrika, en verder lede van die Raad en die Senaat van die P.U.K., en lektore en studente van die inrigting.

Dr. Malan en min. Grobler is deur 'n aantal studente in 'n getooide koets na die P.U.K.-geboue getrek, iets wat die hoë besoekers blykbaar baie geniet het.



GEREED OM TE VERTREK NA DIE HOOFGEBOU.

Pragtige weer het die verrigtings begunstig, wat Potchefstroom seker sal onthou as een van die groot dae in sy geskiedenis.

Ds. I. D. Kruger van Bloemfontein, Voorsitter van die Raad van die P.U.K., lees 'n Skrifgedeelte voor uit Exodus 17, waarna Ds. D. Postma van Burgersdorp, K.P., Voorsitter van die Kuratore van die Gereformeerde Kerk, voorgaan in 'n kragtige gebed.

Onder leiding van Mev. Prof. Dr. Boshoff sing die koor toe:—

„U alleen, U loven wij:
 Ja, wij loven U, o Heer!
 Want Uw naam, zoo rijk van eer,
 Is tot onze vreugd nabij:
 Dies vertelt men, in ons land,
 Al de wondren Uwer hand.” — (Ps. 75:1).



OP 'N VINNIGE DRAF WORD DIE MINISTERS VERVOER NA DIE
 HOOFGEBOU.

GESKIEDENIS VAN DIE P.U.K.

Prof. Dr. F. Postma, rektor van die P.U.K., heet almal welkom by die feesviering en noem die dag 'n gedenkwaardige dag in die geskiedenis van die P.U.K. 'n Mylpaal is weer bereik. Een-en-sestig jaar gelede is hier op Potchefstroom deur die Sinode van die Gereformeerde Kerk die besluit tot oprigting van 'n eie Teologiese Skool geneem. Nog dieselfde jaar is onder leiding van wyle Prof. D. Postma die inrigting op Burgersdorp, K.P., geopen. Dadelik is egter gevoel dat toekomstige teoloë ook onderrig moet ontvang in ander wetenskaplike vakke. So is aan die Teologiese Skool 'n litterariese afdeling verbind.

Vir sewe-en-dertig jaar, van 1869 tot 1905, was die skool op Burgersdorp. In die jaar 1905 is die skool na Potchefstroom verplaas, en ook hier was die twee inrigtinge saam vir sestien jaar tot 1921, toe die Kollege ingelyf is as een van die

samestellende kolleges van die Uniwersiteit van Suid-Afrika.

Dis nou nege jaar gelede dat die inkorporasie plaasgevind het en sedert die tyd is daar onder die seën van God groot vooruitgang gemaak. By die inlywing was daar 5 pro-



Prof. dr. F. Postma.

fessore, 9 lektore en 52 studente; tans is daar 15 professore, 6 lektore en 240 studente. Ook wat die Biblioteek en Laboratoria aangaan is in die nege jaar goeie vordering gemaak.

Maar uitwendig was daar nie veel vordering nie. Nog al die jare moes die werk in hout- en sinkgeboue gedoen word. Die verslag van die Uniwersiteitskommissie van 'n paar jaar gelede het egter op Sy Ed. Dr. Malan so 'n indruk gemaak dat hy 'n lening vir nuwe geboue vir die P.U.K. toegestaan het (hoor, hoor).

Met hierdie hoofgebou is ons egter nog nie klaar nie. Twee nuwe koshuise is in aanbou en vanmore het die Minister aan 'n deputasie van die Raad verklaar dat wat hom betref, hy 'n nuwe lening vir geskikte laboratoria in gunstige ooreenstemming sal neem (hoor, hoor).

Prof. Postma spreek sy dank uit vir die werk en toewyding van die staflede en studente wat met lydsaamheid en geduld al die jare die ongemak en ongerief van die sinkgeboue verdra het.



'N DEEL VAN DIE SKARE VOOR DIE HOOFGEBOU.

BEGINSELS VAN DIE P.U.K.

Die beginsels van hierdie inrigting is kort saamgevat, kristelik-nasionaal. Met sy devies en spreuk, „In U Lig”, huldig die P.U.K. op die gebied van wetenskap die positief-kristelike standpunt. Die Woord van God wil die P.U.K. beskou as die Ligbron ook vir die wetenskap. Hierdie beginsel, nl.:

die kristelike opleiding van die studente en die kristelike beoefening van die wetenskap het die oprgters 61 jaar gelede besiel, was die besielende krag gedurende al die tyd en is nog vandag die stukrag van al die ondersteuners.

Hierdie beginsel is die *penwortel* van die P.U.K.; uit hierdie wortel het die P.U.K. verrys en op hierdie wortel het dit tot dusver gebloei. As hierdie penwortel afgesny word, sal die P.U.K. geen reg van bestaan meer hê nie.

Hierdie beginsel is geen kerkistiese beginsel nie, maar 'n interkerklike beginsel. Die P.U.K. wil dat wat alle kristelike kerke bely, ook op die gebied sowel van opvoeding en onderwys as van die beoefening van wetenskap in toepassing sal gebring word, nl. *Gods Woord moet die Rigsnoer en die Ligbron wees.*



'N ANDER GESIG OP DIE SKARE VOOR DIE HOOFGEBOU.

Saam met die kristelike beginsel gaan die rasionale beginsel. Die professor wil nie in die eerste plek die woord nasionaal in politieke sin opgevat hê nie. Die Suid-Afrikaanse bevolking, Engels- en Afrikaanssprekend, is oorwegend kristelik volgens die interpretasie wat aan hierdie woord deur die ou Protestantse geloof gegee is en vandag nog gegee word.

Die Engelse volk het sy grootheid te danke aan die ou Protestantse geloof en so ook die Suid-Afrikaanse volk. Daar die P.U.K. van sy ontstaan af die positief-kristelike stand-

punt ingeneem het en vandag nog inneem, staan hierdie inrigting op die grondslag van die ou Protestantse geloof en is *nasionaal* in die mees verhewe sin.

Maar hierdie beginsel beteken verder die *handhawing* en *vrye ontwikkeling*, altyd onder die gesag van Gods Woord, van *nasie-selfstandigheid*, *nasie-kultuur* en *nasie-taal*.

Hierom die *monument* voor die Teologiese skool tot eer van die nagedagtenis van gesneuwelde studente in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902); dié studente was gewillig om vir hierdie beginsel te leef en...te sterf.

Ere sy hul nagedagtenis!

En as die P.Ū.K. getrou wil wees aan sy geskiedenis en beginsel, moet hy *wakker* staan in die ontwikkeling van ons volkslewe.

Prof. Postma rig nou 'n woord van dank aan die Kuratore van die Teologiese skool, wat hy die geestelike vaders van hierdie inrigting noem; verder word hartlik bedank die ondersteuners van die P.U.K. van alle kristelike kerke, ook die P.U.K.-Komitees, die Stadsraad en publiek van Potchefstroom. Hy dank vir die samewerking van die kant van die Teologiese skool, Normaalskool, Landbouskool en alle onderwysinrigtings hier in Potchefstroom.

'n Woord van besonder hartlike dank rig die Professor nou aan Minister P. Grobler. „Oom Piet”, sê hy, „ons is u baie groot dank verskuldig. Ons weet dat die inisiatief geneem moet word deur Dr. Malan, maar as Dr. Malan nie in die Kabinet gesteun word nie, sal hy nie altyd verkry wat hy graag wil verkry nie. Wat die P.U.K. betref is Oom Piet die groot steun van die Doctor, as die Doctor begin druk, dan druk Oom Piet ook net so hard as wat hy kan. Hartlik dank Oom Piet en druk maar weer in die toekoms” (hoor, hoor).

Die spreker maak verder bekend dat Dr. du Toit (Toitius) gisteraand gepreek het oor Nehemia 3 in verband met hierdie geleentheid en die aandag van die gemeente geboei het toe hy op meesterlike wyse uiteengesit het hoe die herbou van Jerusalem se mure plaasgevind het. Die werk is onder leiding van Nehemia stuk vir stuk uitgedeel. Sonder dat die staflede geweet het waaroor Dr. du Toit sou gaan preek, het hulle die koste van hierdie gebou volgens kamers bereken, en is besig om persone of groepe van persone, komitees of groepe van komitees te vra om een of meer kamers vir hulle re-

kening te neem. Die Raad het hierdie plan goedgekeur en verder onderneem om 'n koperplaat in elke kamer te laat aanbring tot gedagtenis van die skenkers.

Onder luide toejuiging maak Prof. Postma bekend dat aan hom 'n paar minute gelede meegedeel is dat Komdt. A. J. Alberts van Potchefstroom onderneem het om vir sy rekening die Senaatsaal vir die som van £850 te neem.



KOMDT. A. J. ALBERTS.

Hierop is die milde gewer skouerhoog deur 'n aantal geesdriftige studente gedra.

Na die entoesiasme 'n bietjie bedaar het, spreek Prof. Postma gevoelvol sy dank uit aan Komdt. Alberts en vertrou dat die voorbeeld deur vele sal nagevolg word, sodat die hoofgebou 'n historiese gebou mag word.

Ten slotte, sê die spreker, wil hy Dr. Malan sy innige en opregte dank betuig vir die wyse waarop hy hom bereid ver-

klaar om hierdie inrigting te steun en dit ookal reeds gedoen het. „As dan, Dr. Malan,” vervolg die spreker, „aan u die troffel sal oorhandig word deur 'n verteenwoordiger van die boumeestersfirma Louw en Louw, versoek ek u uit naam van die Raad, Senaat, studente en oud-studente van die P.U.K. om die hoeksteen van die hoofgebou van die P.U.K. te lê, en mag die gebou onder Gods seën 'n monument bly vir ons kristelike-nasionale beginsels.”

Onder geesdriftige applous het Prof. Postma gaan sit.

Mnr. George Louw, van die boumeestersfirma Louw en Louw, het daarop 'n silwer troffel aan dr. Malan oorhandig en hom versoek om die hoeksteen te lê.

Die hoeksteenlegging is opgevolg deur drie luide hoera's van die studente van die P.U.K.

DIE P.U.K. UITSAAISTASIE VAN KRISTELIKE WETENSKAPLIKE BEGINSELS.

Die skare is daarop toegesprek deur Min. P. G. W. Grobler. Hy noem dit 'n blye dag en wil sê: Verag die dag van klein dinge nie! Die inrigting het klein begin met 'n professor en vyf leerlinge maar met 'n geloof van siende die onsienlike dinge het die inrigting gegroei. Die P.U.K. sal wetenskap bring, en wetenskap is lig. Dis egter lig wanneer dit voorkom soos die Psalmdigter sê: In Uw licht zien wij het licht. Ook die wetenskap moet



Min. P. G. W. Grobler.

besien word by die lig van Gods woord. Dan alleen is ons gevrywaar teen die toestande soos in Rusland geskep is deur die ongeloof. Dis deur die ongeloof wat al die moeilikhede in die wêreld veroorsaak word. Dit kom wanneer mense die feite van die Bybel vir onwaar hou. 'n Voorbeeld word gevind by baie mense wat nie wil glo dat in die sweet van die aanskyn brood geëet moet word nie. Mense wil nie glo dat elke beroep 'n goddelike beroep is nie.

Min. Grobler hoop dat die P.U.K. sal uitgroeï tot 'n onafhanklike uniwersiteit en dat dit in der waarheid 'n intellektuele uitsaaïstasie van Kristelike wetenskaplike beginsels sal wees. (Toej.)

MYLPAAL IN GESKIEDENIS.

Onder luide toejuiging het dr. Malan opgestaan en bedank vir die eer wat hom aangedoen word. Die hoeksteen word vandag gelê van 'n gebou wat reeds klaar is. Dit is omdat die Raad die plegtigheid uitgestel het totdat hy dit kon bywoon.

Hierdie plegtigheid is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die inrigting. Hy wens hulle geluk met wat hulle bereik het. Hulle het getrou gebly aan hul ideale, en daarom het hulle gekom waar hulle vandag staan.



Min. D. F. Malan.

Hierdie hoeksteenlegging is bewys van die bestaansreg van 'n inrigting van hierdie aard op Potchefstroom (hoor, hoor). Die verslag van die Kommissie insake Hoër Onderwys was deur sommige persone so vertolk dat dit die harte van baie van die ondersteuners van hierdie inrigting laat vrees het. Die vertolking van die verslag was egter ietwat verkeerd. Die verslag het in werklikheid gesê dat die inrigting óf beter toegerus moet word óf anders heeltemal moet verdwyn. Die ondersteuners van die inrigting het dadelik bygespring en aan die Regering getoon dat hulle die voortbestaan begeer en bereid is om daardie voortbestaan te regverdig.


Die feit dat die Regering nou bykans £40,000 aan hierdie inrigting bestee het, is waarborg dat die Regering die reg tot voortbestaan van die inrigting erken en bereid is om hom alle moontlike fasiliteite te gee.

Dr. Malan het daar vervolgens nadruk op gelê dat daar in 'n land noodwendig verskeidenheid moet wees en dat hierdie verskeidenheid hom ook moet openbaar in ons hoër onderwys. Potchefstroom het vanweë sy ligging en sy belang-

rikheid aanspraak op 'n inrigting vir hoër onderwys en het in hierdie opsig 'n besondere doel om te dien.

Godsdiens en Wetenskap.

Wat die verhouding tussen godsdiens en die wetenskap betref, sê die Minister dat die godsdiens, om werklik gesond en lewendig te wees, moet rekening hou met die wetenskap en dat terselfdertyd die wetenskap om sy doel suiwer te dien, die godsdiens in aanmerking moet neem. Spreker lê nadruk op die mate waarin die staat hoër onderwys in Suid-Afrika steun. Gemiddeld dra die staat £5 by tot elke £2 wat die inrigtings self versamel. Wat Potchefstroom betref, is die sy-



Minister Dr. MALAN AAN DIE WOORD.

fers £4 en £1. Hierdie inrigting is derhalwe onder die mees begunstigdes wat staatshulp betref. Afgesien daarvan kan uit syfers gesien word dat ons uniwersiteite in Suid-Afrika byna staatsinrigtings is.

Die Regering gebruik die geld van die algemene belastingbetaler om die inrigtings te help, en die gevolg is derhalwe dat die staat sekere verpligtings teenoor die algemene belastingbetaler in hierdie opsig het. In die eerste plaas is daar die regte van die minderhede, wat die staat moet beskerm. Hier kom taal in aanmerking. In ons hoër onderwys is die regte

van die minderhede in hierdie opsig nog nooit voldoende beskerm nie.

Die Twee Tale.

Daar was 'n tyd in die verlede toe die Regering van die dag 'n rondskrywe uitgestuur het met die opdrag om toe te sien dat elke student onderrig sal ontvang in die taal wat hy begeer. Daarby het dit egter gebly, en die toestand het ook so gebly. Spreker reken dat dit onprakties sal wees om te verwag dat elke dosent wat in ons uniwersiteite aangestel word, tweetalig moet wees. Die wetenskap sal miskien daaronder ly. Terselfdertyd is dit onprakties om te verwag dat die een



DIE HOOFGEBOU TEMIDDE VAN DIE SINKGEBOUE.

helfte van die klasse aan alle inrigtings in die een taal en die ander helfte in die ander taal gegee sal word. Die enigste gesonde oplossing, meen hy, is derhalwe om die een inrigting hoofsaaklik Engels en die ander hoofsaaklik Afrikaans te maak en dan in die geval van die inrigtings waar studente van albei groepe in aansienlike getalle aanwesig is, te sorg dat die regte van minderhede beskerm word. As iemand anders 'n beter weg aan die hand kan gee, sal hy bereid wees om die beste te aanvaar.

Plig van die Staat.

In die tweede plaas is dit die plig van die staat om die vryheid van godsdiens sowel as die vryheid van die wetenskap te beskerm. Daar was 'n tyd toe die staat sowel as die kerk hulle die reg toegeëien het om tussen die gewete van die indiwidu en sy Skepper te tree. Protestantisme het daardie gewaande reg uit die weg geruim. Een van die grondbeginsels van ons maatskappy is 'n vrye kerk en 'n vrye staat.

Die wetenskap kan nooit die plek van godsdiens inneem nie. Die wetenskap bepaal hom tot die sigbare wêreld en die godsdiens tot die onsigbare wêreld. Elkeen het sy eie roeping.

In hierdie verband behandel die Minister die klagte wat hom soms bereik dat sekere dosente aan uniwersiteite uit hul pad gaan om die godsdiens aan te val en te verkleineer. As sulke persone uit hul pad gaan om dit te doen, sê die Minister, behoort hulle nie daar te wees nie, en is dit ook die plig van die staat om in te gryp. Sulke gevalle moet egter grondig bewys kan word, en ook dat sulke persone werklik uit hul pad gaan om dit te doen.

Heerskappy van God erken.

As nou logies afgegaan word op die vorige, t.w. die plig van die Staat om te beskerm, sê die Minister, kan dit seker nie gesê word dat die Staat godsdiensloos is as hy dit ook sy plig ag om die wetenskap te beskerm nie. Van Suid-Afrika kan mins van alle gesê word dat dit 'n godsdienslose Staat is, want die wysiging van die Grondwet, waardeur ons die heerskappy van God in ons landsake erken, was 'n onmiskenbare belydenis van die houding van die Staat. Die Staat kan nie godsdiensloos en ook nie sedeloos wees nie. Dit is sedelik omdat hy die hoë sedelike beginsels in die volk moet handhaaf.

„Wat Suid-Afrika betref,” sê die Minister, „gaan ek sover om te sê dat die Staat die kristelike moraliteit moet aanvaar omdat meer as 95 persent van ons volk aanhangers is van die kristelike geloof.”

Die toespraak van Dr. Malan is met aandag gevolg en luid toegejuig.

Dr. Hoogenhout spreek hierna 'n paar woorde van gelukwensing en wens die inrigting 'n groot en pragtige toekoms

toe, waarna Prof. du Plessis, rektor van die Teologiese skool, 'n woord van dank spreek en die studente waarsku om nie sienies teenoor die lewe te staan nie. Destyds was die studente nooit sienies teenoor die lewe nie, omdat hulle besield was met ideale. Hy glo ook nie dat dit tans die geval is nie. Die roeping van die studente is nie slegs om te geniet nie, maar om hul besig te hou met die hoër ideale van die lewe.

Na die sing van „Prijst den Heer” is die menigte uiteen en het verversings gaan nuttig voor die Uniwersiteitskoshuis, waar tafeltjies reeds gerangskik was vir die doel.

'n Groot aantal telegramme en briewe van gelukwensing is in verband met die hoeksteenlegging ontvang.

In die aand het die Raad van die P.U.K. vir Dr. Malan en Min. Grobler 'n eetmaal in die King's Hotel aangebied. Omtrent 130 gaste het aangesit, terwyl Prof. en Mev. Postma as gasheer en gasvrou opgetree het.

Almal Suid-Afrikaners.

Prof. Postma, wat die heildronk op Dr. Malan ingestel het, het gevra waarom Dr. Malan, hoewel van Franse afkoms, nie opgewonde raak nie. Hierop het Dr. Malan geantwoord dat hoewel hy van Franse afkoms is, hy geen Fransman meer is nie.

Onder luide toejuigings het die Minister vervolg dat ons vandag almal Suid-Afrikaners is of ons nou van Franse, Hollandse of Engelse afkoms is.

Die Minister het toe verder in sy toespraak uitgewei oor landsake.

'n Baie luimige toespraak is toe gehou deur Prof. Dr. J. D. du Toit (Totius) by die instelling van 'n heildronk op Min. Grobler en die aanwesige Volksraadslede. Daar Min. Grobler weens amptelike werksaamhede nie aanwesig kon wees nie, moes Prof. du Toit die Minister *in die gees* toespreek. Dit was meesterlik en die gaste het geskater van die lag. Die plaaslike Volksraadslid, Ds. Fick, het namens die afwesige Minister en die ander Volksraadslede geantwoord.

Ds. J. V. Coetzee het op 'n pittige manier die heildronk ingestel op Dr. Hoogenhout, die Vise-kanselier van die Uniwersiteit van Suid-Afrika, en die ander aanwesige gaste. In sy antwoord het die Doctor sy blydschap te kenne gegee dat hy in dié hoedanigheid die funksies vandag kon bywoon.

Prinsipaal Raikes van die Uniwersiteit van Witwatersrand is toe deur Prof. Postma bedank vir sy aanwesigheid. Hy is verseker geword dat dit baie hoog gewaardeer word. Prinsipaal Raikes het kortliks sy waardering uitgespreek vir die werk wat hier gedoen word en vertrou dat ook in die toekoms daar 'n noue samewerking sal wees tussen Potchefstroom en Johannesburg.

Op spesiale versoek gee Prof. Postma nog geleentheid aan Mnr. A. Kruger van Burgersdorp as lid van die hoofbestuur van die Helpmekaar, K.P. om 'n paar woorde te sê. Op waarderende wyse het die spreker van die doel en strewe van die inrigting melding gemaak en ook iets vertel van die inrigting tydens die Burgersdorpse dae.

Naby twaalfuur is die feestelikhede van die gedenkwaardige dag afgesluit.

(By die opmaak van hierdie verslag is gebruik gemaak van *Die Burger* van 7 Augustus, en van *Die Weste* van 8 Augustus).

